Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

NOVEMBER 2022

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 67 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

RIGLYNE VIR NASIENERS

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduideliking gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie.**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
  - Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 stylfiguur, 1 retoriese middel en 1 tipografiese middel.
  - Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEïLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Stylfigure:		
'n Sinekdogee aan die begin van die gedig plaas die soeklig op die wanopvatting oor digters.	Die spreker verwys na die gewone mens(-e) wat "so baie bek oorie poet" het, om aan te toon hoe maklik verkeerde inligting/kritiek oor digters ver-sprei word./Baie meer as net hulle "monde" word bedoel.	Versreël 3: *Djulle het so baie bek oorie poet, ma wié's hy?*
Ook in versreël 13 word 'n sinekdogee gebruik om die klem te laat val op "gladde bek" wat "verkoep" word, waarmee die spreker ten doel het om die kontras tussen die maklike manier waarop die gewone mense dig/aktuele sake bespreek en die sogenaamde digters te stel.	Terwyl mense onder die wanindruk verkeer dat digters agter toe deure in spesifieke plekke sit en gedigte uitdink, beklemtoon die spreker dat gewone mense digters is, want hulle kan so maklik praat/ stories met ander deel én verkeerde sake in die gemeenskap uitlig.	Versreëls 13 tot 15: ... *ennie gladde bek verkoep ma die dinge sien en soema net daa God tien hulle roep!*
Kontras word aan die begin van strofe 2 gebruik om die wanpersepsie oor digters uit die weg te ruim.	Die spreker stel dit duidelik dat mense verkeerd dink oor digters: hy gebruik die woorde "Nai", "mistaken" en "nie hy nie" om die wanpersepsie met die waarheid/werklikheid te kontrasteer.	Versreëls 8 tot 10: *Nai, djulle is mistaken, nie hy nie*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Die spreker gebruik ook die woord "ma" om die verkeerde indruk oor digters reg te stel: hy/sy kontrasteer die tradisionele opvatting "nie hy nie" met "ma djúlle is die poets" om sodoende aan die regte "poets"/digters erkenning te gee./Die spreker stel dus telkens die verkeerde indruk teenoor dit wat die ware toedrag van sake is.	Versreëls 8 tot 11: *Nai, djulle is mistaken, nie hy nie ma djúlle is die poets, ...*
Retoriese middel:		
Die herhaling van die retoriese vraag "wie's hy?" word gebruik om die wanpersepsies van die digterskap in te lei.	Die spreker herhaal die vraag "wie's hy?" om te beklemtoon dat die gewone mens se indruk van die digter foutief is.	Versreëls 1 tot 4: *Die poet, wie's hy? Djúlle het so baie bek oorie poet, ma wie's hy?*
Herhaling word in die gedig gebruik om die verkeerde indruk wat mense van digters het, te verander.	Die herhalende gebruik van 'n enkele woord soos "Djúlle" in versreëls 5, 9, 11 en 12 wil die wanpersepsie wat mense het, reg stel.	Versreël 5: *Is hy rêrag soes djulle dink ...* Versreël 9: *djulle's mistaken* Versreël 11: ... *ma djúlle is die poets ...*
Tipografie		
Die gediginhoud word in twee strofes aangebied sodat die wanpersepsie teenoor die waarheid/ware toedrag van sake gestel word.	In die eerste strofe beklemtoon die spreker die wanopvatting oor digters, terwyl die tweede strofe beklemtoon dat gewone mense in werklikheid die digters is.	Versreëls 5 tot 7: *Is hy rêrag soes djulle dink die ou moerie pen ennie ink wat in sy study sit en poems dink?* Versreël 11: ... *ma djúlle is die poets ...*
Die regstelling van die wanpersepsie word deur die alleenplasing van versreël 8 beklemtoon.	Die spreker sê pertinent in versreël 8 "Nai," wat geïsoleer/alleen geplaas is om te beklemtoon hoe verkeerd die mense se indruk is.	Versreël 8: "Nai,"
Die spreker maak van kort reëls gebruik om die wanpersepsie uit te lig.	In die eerste strofe vra die spreker twee vrae in versreël 2 en 4 en in versreël 10 word die antwoord in 'n baie kort versreël beantwoord.	Versreël 2: "wie's hy?" Versreël 4: "ma wie's hy?" Versreël 10: "nie hy nie"
Die gedig is in vrye versvorm geskryf om aan te sluit by die gedagte dat die werklike digter nie in die tradisionele sienswyse vasgevang kan word nie.	Die afwisselende versreëllengtes, asook die afwesigheid van leestekens versterk die gedagte dat die werklike digter die gewone man/die informele digters is.	Versreël 12 tot 15: "djulle wat innie straat in loep ennie gladde bek verkoep ma die dinge sien en soema net daa God tien hulle roep!"
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[10]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

" 'n brief van hulle vakansie" – Breyten Breytenbach

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	"uitgeswel van lyf" ✓	1
2.2	Die fokus **verande**r van sy huislike situasie in die verlede na Stilbaai./die vakansie by die see./ Die fokus **verander** van die "ek"/spreker (versreëls 1 tot 8) na die pa. ✓ *Die kandidaat moet na BEIDE kante van die verandering verwys.* **EN** Die versreëls handel oor die ouers se vakansie (soos in die titel genoem)./Die gedagte van 'n brief word verklaar in die versreëls (naamlik dat die ouers met vakansie is/dat die spreker dus ver van hulle is). ✓	1 1
2.3	Metafoor ✓ **EN** "(die plaas van hul) jong liefde"/ "plant die saad" ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan ook die KERN van die kontrasterende beeld omskryf.* *Die antwoorde moet onafhanklik van mekaar nagesien word.*	1 1
2.4	Die spreker se ma het (saam met die pa) vir hom gebid./ Sy ma het hom versorg/verpleeg toe hy siek was./ Sy ma het vir hulle perskes ingelê./ Sy ma bly die pa bemin tot die einde./ Die ma versorg die lieflinghond. ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat moet 'n aksie/handeling van die ma uitlig.*	1
2.5	Die slotreël verwys na die spreker se pa – die "oubaas" in die subtitel./ Albei verwys na die pa. ✓	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.6	Die mens word heeltyd herinner aan sy/haar verganklikheid../ Die mens is uitgelewer aan die dood./ Die mens se liggaam word as gevolg van ouderdom afgetakel. ✓ **EN** Ja Herhaling van frases wat op hartseer dui, byvoorbeeld "kan ek treur" in versreël 1/ "kan ek huil" in versreël 5/"treur ek" in versreël 30 versterk die gedagte/idee (dat hy hartseer oor sy ouers se aftakeling (as gevolg van ouderdom) is)./ Die herhaling van woorde met "stil" as kern in versreëls 9, 22, 27 en 32 sluit by die gedagte (van die naderende dood) aan./ Die herhalende verwysing na die vrugtebeeld met woorde soos "uitgeswel van lyf" in versreël 1 as "ongenaakbaar skil" in versreël 30 versterk die gedagte (dat die mens aan die naderende dood uitgelewer is)**./** Die herhaling van “noudat” dui op tydsverloop, wat verwys na die aftakelingsproses. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* *Die twee dele van die vraag word onafhanklik van mekaar nagesien.*	1 2
		[10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

"besoekersboek" – Fanie Olivier

Vraag	Antwoord	Punt
3.1.	Letterlik: 'n boek waarin besoekers hul name skryf om te bewys dat hulle 'n spesifieke plek besoek het. ✓ Figuurlik: 'n (denkbeeldige) boek/plek waarin 'n mens wil aantoon/skryf dat hy/sy 'n tyd lank op die aarde was. ✓	1 1
3.2.1	Isolering van die woord (ná die dubbelpunt)/ Hakies/parentese/ Die woorde tussen hakies staan voor in die reël/voorplasing/ Gebruik van die dubbelpunt(-e)/Dit staan direk na die :/dubbelpunt. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
3.2.2	Ja Die verandering van die woord beklemtoon dat die spreker se aksie meer blywend is./meer energie verg./Die spreker wil met die verandering uithef dat die inkrapaksie permanenter gevolge het./Die woord "uitgekrap" kan misleidend wees – die verandering skakel verwarring uit. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
3.3	Die idee van "stap" sonder stop word uitgehef./ Die stapritme word uitgelig./ Die aaneenlopendheid/vloeiendheid/haastigheid van die stapproses word uitgelig./ Die afwesigheid van leestekens aan die einde van versreël 3 dui aan dat die versreëls tot 'n eenheid gebind word./aan die volgende versreël bind. ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*	1
3.4	Baie mense probeer om hulle onsterflikheid te verseker deur hulle name in die Gideonsbybel te skryf, maar om dit net in te skryf is bloot 'n poging./verseker nie hulle onsterflikheid nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.*	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.5	"duskantse verblyf" ✓ **EN** Die herhaling beklemtoon die duskantse verblyf./aardse verblyf./tydelikheid./ sy verganklikheid./verganklikheid van die aardse bestaan./vestig aandag op die plek waar die spreker sy/haar naam in die figuurlike "besoekersboek" skryf. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan. Die twee dele van die antwoord word onafhanklik van mekaar nagesien.*	1 1
3.6	Ja Die afwesigheid van die hoofletters versterk die tema van nietigheid/ sterflikheid/identiteitloosheid van die mens se bestaan./dui daarop dat die mens nie daarin slaag om hom/haar teen sterflikheid te verskans nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
		[10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

"Twee kleuters in die Vondelpark" – Elisabeth Eybers

Vraag	Antwoord	Punt
4.1.1	Die kleuters staan letterlik "hand-in-hand". ✓	1
4.1.2	Daar word geïmpliseer dat hier harmonie tussen mens en natuur/droom en werklikheid heers. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.2	"dubbelswaan"/"dubbelhals"/"dubbelvlerk"/"gesplete (hart)" ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.3.	Klanknabootsing/onomatopee ✓ **EN** Ja Die klanknabootsende woord gee klankmatig die geluid van die stadsgeraas./verdring die harmonie met die natuur./die stilte./ Die klanknabootsende woord skakel versreël 12 met die volgende strofe./verteen-woordig die man se wêreld. ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1 1
4.4	In hierdie versreëls is daar 'n rustige/vreedsame/kalm stemming. ✓ **EN** "pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand"/ "vir verdergaan, sleep haar tot ewewig"/ "as sy nog strompelend omkyk na die swaan."/ "Verby die bome druis die straatrumoer."✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
4.5.1	Ja Daar heers onsekerheid oor die toekoms van die kleuters. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
4.5.2	Die retoriese vrae (versreëls 19 tot 24)/verskeie moontlikhede van toekomsplanne/beroepe vir die kinders versterk die suggestie van onsekerheid. ✓ **EN** Terwyl die mens se ontwikkeling onseker is, bly die balans/harmonie in die natuur onverstoorbaar. ✓	1 1
		[10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

EN

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

"Ek skryf ..." – Pieter-Louis Myburgh

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	koeplet/koeplette ✓	1
5.2	"sakeman": rykdom/geldmag/mense met geld/bevoorregtes ✓ "bergie": armoede/mense sonder huise ✓ "perlemoenstroper": misdaad/mense wat op 'n onwettige manier 'n inkomste genereer ✓ *Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
5.3	Die skrywer se doel is om mense te vermaak./'n (ernstige) boodskap op 'n grappige wyse oor te dra (soos 'n sirkusnar). ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
5.4	s-alliterasie/alliterasie ✓ **EN** Die allitererende woorde beklemtoon die negatiewe onderwerpe ("samelewing"/ "sukkel"/"stroop") waaroor hy skryf./ Die allitererende woorde bind die skryfaksie en die negatiewe onderwerpe waaroor hy skryf tot 'n eenheid./ Die allitererende woorde voltooi die titel deur die onderwerpe waaroor hy skryf te gee. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
5.5	Ja In versreël 5 staan daar dat hy "stroop" net soos die perlemoen gestroop word. ✓ Die "ek"/skrywer maak geld deur bundels te verkoop wat oor ander mense se kwessies/probleme handel./Die "ek"/skrywer maak geld uit kwessies wat nie syne is nie (nes die perlemoenstroper). ✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1 1
5.6	Herhaling (van "ek skryf"/"Ek skryf") ✓	1
		[10]
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Stelling	**ONDERSTEUNENDE bewys**	**OF aanhaling/parafrase**
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Stelling	**Stelling/Argument**	**Aanhaling**
Iris is onseker van haar posisie in haar gesin, wat haar optrede en gedagtes/ menswees beïnvloed.	Sy is reeds van geboorte af onseker, want sy was onbepland./haar gesin skep die indruk dat sy in die pad is en nie by die gesin inpas nie.	Bl. 9: *Niemand het ooit regtig na my geluister nie.* Bl. 14: *Uit die aard van die saak was ek dus 'n alleenloper en, soos Polder, iemand wat op oorskietkos geleef het ... ek het die speelgoed en dikwels die klere gekry waarvoor my susters moeg was.*
	Sy voel minderwaardig/ onseker, want sy neem kennis van haar susters se verskillende uitsprake/ sienings, maar word nie toegelaat om haar mening daaroor te lug nie.	Bl. 20: *"Stil Iris," het Pa kwaad gesê. "Jou susters veroorsaak meer as genoeg moeilikheid. Aan* jou *stuiwer het ons nie nou 'n behoefte nie."* Bl. 34: *Dit was altyd dieselfde ou storie. Ek was te jonk. Ek kon nog nie saampraat nie. Ek het nie geweet waarvan ek praat nie. Van ek die dag gebore is, was dit so.*
	Iris ervaar dat haar ervarings nooit so goed/nuut/ oorspronklik soos haar susters s'n was nie, gevolglik is sy onseker oor haar eie handeling.	Bl. 25: *En die ergste: elke keer dat ek deur 'n krisis of interessante stadium gegaan het, was my susters my voor, het hulle die kalklig gesteel deur iets meer dramaties te doen.* Bl. 34: *Wat ek ook al gedoen het, was reeds deur hulle gedoen.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Iris worstel met haar naam, omdat sy minderwaardig teenoor haar susters, wat familiename gekry het, voel.	Sy dink dat, as sy sou uitvind hoekom sy die naam Iris gekry het, dit haar spesiaal sou laat voel, maar haar gesin verstaan nie haar rede vir haar onsekerheid/soeke nie.	Bl. 10: *Waarom my ma my Iris wou noem, het ek nooit uitgevind nie. My twee mooi susters was toe reeds na sowel vaders- as moederskant vernoem.* Bl. 10: *My pa het somtyds gespot en gesê die Iris was van pas omdat ek perserig was by geboorte ...* Bl. 13: *"Pragtig," het sy saam-gestem ... "So 'n mooi blom. Ek vind dit so jammer dat hulle net in die lente blom." Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie.*
	Iris besluit om self betekenisse van haar naam op haar van toepassing te maak ten einde haar selfbeeld te versterk. Die iris in die oog motiveer haar om diepdenkend en fyn oplettend te wees.	Bl. 10: *Die iris was tog ook deel van die oog, en in daardie stadium het ek myself nie slegs as diepsinnig beskou nie, maar as ook besonder skerpsinnig.*
	Dit is eers wanneer sy vir Peter ontmoet en hy aan haar noem dat haar naam na die Griekse godin van die reënboog verwys, dat sy weer 'n gevoel van eiewaarde oor haar naam verkry.	Bl. 36: *"Die Griekse godin van die reënboog," het hy gesê ... "Die iris is 'n embleem wat deur die eeue gebruik is ... Veral in die dekoratiewe kuns ... 'n Naam vol ryke assosiasies."*
Vanweë haar onsekerheid oor waar sy in die lewe inpas, besluit Iris om vir haar fantasiekarakters (met wie sy kan identifiseer) te skep.	Sy ontvlug vanuit die ongewenste teenwoordigheid van Riekie deur 'n towerbeeld, Richard, te skep en selfs met toe oë poog sy om Riekie se teenwoordigheid weg te wens.	Bl. 17: *... maar dit was nie lank voor ek uitgekuier was vir sy sweterige hande, sy onbeteuelde aanvalle nes ons alleen in sy motor was ... of sy benoude asem nie. Ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin ... Richard, uitgespreek Rigardt ...*
	Die fantasiekarakters neem stelselmatig haar werklikheid oor en sy word self Greta, die hoofkarakter./word iets of iemand wat betekenis/'n rol in die samelewing het.	Bl. 22: *Riekie was vanself-sprekend strooijonker ... het sit en borduur aan die storie in my kop ... Ek het die grootste gedeelte van die diens bestee aan sy naam en was so weg-gevoer dat Elsa moes sis toe ek die ruiker by haar moes vat ...*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

		Bl. 29: *Miskien was sy selfs 'n skryfster.* (*Sy was my alter ego en ek was altyd besig om stories te versin.)*
Iris weet nie hoe om op te tree in 'n verhouding nie, daarom vra sy hulp.	Sy wil die verhouding met Riekie verbreek, maar weet nie hoe nie en vra haar ma se hulp.	Bl. 18: *Dit was baie duidelik dat sy my weer eens nie gehoor het nie. Ek het tot die punt gekom. "Ek wil hê julle moet my verbied om hom weer te sien."*
Iris se onsekerheid oor hoe sy in sekere situasies moet reageer, dra daartoe by dat sy impulsief optree.	Haar onsekerheid oor hoe sy moet optree, dra daartoe by dat sy op die eerste dag wat sy Peter ontmoet, by hom slaap.	Bl. 39: *Toe ek ná die partytjie deur die donker, besadigde strate huis toe ry, het ek my verwonder dat ek my maag-delikheid so vinnig, so maklik en so ondeurdag aan Peter afgegee het.*
	Ten spyte van haar familie se kritiek, besluit sy impulsief om Peter in New York te ontmoet.	Bl. 79: *... in my etensuur het ek my plek gaan bespreek.* Bl. 85: *Elsa het my voor-nemende reis afgekeur.* Bl. 86: *Ek weet wat ek doen en ek wou buitendien altyd oorsee gegaan het.*
	Iris bly onseker oor die korrektheid van haar keuses.	Bl. 114: "*Wil jy regtig kom?" het ek vir Peter gevra toe hy later bel.*
	Iris beleef onsekerheid of sy saam met Peter na Vermont moet gaan of haar blomoomblik moet najaag.	Bl. 140: *"Ek is self nie seker of ek die regte ding gedoen het nie."*
Iris is as gevolg van haar besluitloosheid afhanklik van ander se goedkeuring./ leiding wat sy hoofsaaklik by die Engel kry.	Juis as gevolg van haar onsekerheid het sy 'n klankbord nodig./volg die Engel se raad as sy in Frankryk by Kara kuier.	Bl. 92: *Ek het onthuts omgedraai om te sien wie gepraat het en in die opgestoomde ruit het ek die vae omlyning van 'n Engel gesien.*
	Sy roep die Engel se hulp in om haar vrae oor die huwelik./die kwessie van haar blomtyd te help oplos.	Bl. 177: *"Ek is 'n jong vrou in 'n wêreld vol konflikte en ek voel jy behoort dit vir my op te klaar. Jy moet my vrae kan beantwoord ... Wat moet ek byvoorbeeld doen omtrent Peter en Frederik?"*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Haar onsekerheid lei daartoe dat sy nie self tot insig kan kom nie, maar die Engel se hulp moet inroep om tot sekere insigte te kom. Hy help haar om te verstaan dat die lewe nie 'n storieboek is nie./dat haar naam net 'n naam is./dat die betekenis daarvan nie haar hele lewe moet beïnvloed nie.	Bl. 187: *"Die lewe is nie 'n storieboek nie."* *"En 'n naam is net 'n naam."*
	Sy weet nie wat haar te doen staan rakende die model-kontrak nie, want die Engel moet haar help besluit.	Bl. 133: *"Sien jy?" het die Engel gesê. "Jou dom aap."*
	Hy gee vir haar leiding ten opsigte van haar kwelvrae./ soeke na haar identiteit.	Bl. 195: *"Party mense blom ongesiens," het hy gesê. "So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie."*
Iris het 'n kenmerkende moedswilligheid as gevolg van haar onsekerheid; sy wil haar bewys.	Iris gaan werk by dr. Anders aangesien sy onseker is of sy werklik die beroep wil beoefen waarin sy studeer het./eerder op haar fantasieë wil fokus.	Bl. 42: *Ek wou nie 'n werk hê wat my gedagtes in beslag sou neem nie ... My kop sou onbetrokke bly.*
	Sy weet nie hoe om die vraag van die taxibestuurder te hanteer nie en lok daarom reaksie uit met haar moedswillige antwoord.	Bl. 94: "*Ons is die rassiste," het ek behulpsaam genoem.* *Dié keer het hy behoorlik uitgeswenk en stilgehou.*
	Haar onsekerheid oor haarself in die vreemde, veroorsaak dat sy die klerk by ontvangs oor sy onvriendelikheid konfronteer.	Bl. 108: *Ek het nader gestap. "Jy pla my. Ek is vreemd hier, soos ongetwyfeld die meeste van jou gaste. Jy kan ons help deur vriendeliker te wees, meer tegemoetkomend." "Is dit so?" Hy het effens geglimlag.*
	In 'n poging om begrip/ aanvaarding in die vreemde te kry gesels sy met Billy/die taxi-bestuurder in New York, omdat hy bereid is om na haar te luister.	Bl. 104: *"Wat is jou naam? Het ek gevra omdat ek gevoel het 'n mens kan nie jou lewensfilosofie sit en verduidelik aan iemand wie se naam jy nie eers ken nie."*
	Niemand luister na haar nie en om die onsekerheid in haar te besweer gesels sy openlik met die vrou van Honduras./die vuurhoutjieman.	Bl. 111: *"Seker," het ek gesê en sy het haarself ingewurm tussen die aangrensende tafeltjies en hulle insittendes."* Bl. 124: *Ek het weggeruk. "Nee! Dis buite die kwessie. Ek behoort eerder vir u te betaal."*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Iris is onseker oor haar eie huwelik as gevolg van die voorbeeld van haar ouers en Elsa se huwelike.	Haar ouers se niekommu-nikatiewe huwelik/Elsa se koue, saaklike troue dra daartoe by dat sy aan 'n huwelik met Peter twyfel.	Bl. 82: *"Trou?" het ek gevra. "Ek wil nie trou nie." My redes was moeilik verklaarbaar, selfs aan myself. Die onwilligheid was nie net vanweë my eie ouers se huwelik nie; ... Dit was ook nie te wyte aan Elsa en Hannes se saaklike, geordende huwelik of Kara se impulsiewe simboliese trek, kaalvoet oor die berge ... Ek het net geweet dat ek nie vasgevang wou word nie.*	
	Selfs na haar huwelik is sy steeds onseker en vra die Engel of sy die regte ding gedoen het.	Bl. 209: *"Dink jy ek het die regte ding gedoen?"*	
	Sy besweer haar eie onsekerheid met die wete dat Peter vir haar sekuriteit vir die toekoms bied.	Bl. 209*: "Nee. Sonder Peter kan ek tog nie werklik klaarkom nie."*	
Haar onsekerheid oor wie sy is./haar doel in die lewe noop haar om haar hele lewe in afwagting van haar groot blomoomblik te leef.	Sy het 'n beheptheid met haar blomoomblik, want haar blom-oomblik moet definieer wie en wat sy is.	Bl. 87: *'n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom.* Bl. 104: *Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot, die een of ander tyd moet blom.* Bl. 140: *Elke mens moet ook een keer in sy lewe die regte ding op die regte tyd doen en so 'n moment van volmaakte sintese beleef.*	
	Sy glo sy moet sy altyd gereed wees./mag nooit 'n nuwe aanbod van die hand wys of 'n potensieel opwindende situasie onbenut laat nie.	Bl. 140: *En dit is miskien ook een van die redes waarom ek nie altyd nee sê as ek dit behoort te doen nie ... en te alle tye gereed moet wees en nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys nie ...*	
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.			**[25]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Ma het reeds bewys dat sy die geboorteproses sonder teëspoed kon afhandel./ Dit was in daardie tyd nie die gebruik/gewoonte om geboortes by te woon nie./ Pa moes werk. ✓	1
7.2.1	Ja Iris is reeds met haar geboorte as die donker enetjie beskryf./het reeds met geboorte anders as haar susters gelyk. **OF** Nee Alle kinders is uniek en moet as sodanig grootgemaak word. 'n Mens moet nie aan jou voorkoms geoordeel word nie./ Ouers se bevooroordeling kan tot 'n sielkundige probleem by kinders aanleiding gee. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
7.2.2	Sy skep vir haar 'n fantasiewêreld. ✓	1
7.2.3	Sy twyfel nie meer oor Peter nie./trou met Peter./ Sy en Peter vestig hulle in 'n gewone voorstedelike huis./ Sy kies Peter bo die fantasie./ Iris se beheptheid met 'n/haar fantasie verdwyn./ Slegs die Engel bly (op 'n afstand) oor. ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*	1
7.3.1	Iris se obsessie/begeerte om eendag te blom/om iemand besonders te wees/werklik iets te bereik in die lewe ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*.	1
7.3.2	Iris se naam het 'n belangrike invloed op haar denke oor haar lewe en toekoms./ Iris is van die begin af bekommerd oor die feit dat die lelie net een keer per jaar blom./ Iris bly innerlik bevrees dat haar blomtyd sal verbygaan. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
7.3.3	Peter meen haar ouers moes haar nooit Iris gedoop het nie. ✓ **EN** Peter sê vir haar dat, as haar ouers haar nie Iris genoem het nie, sy nie sulke spesiale verwagtinge sou gehad het nie./ Peter stel Iris voor 'n ultimatum om tussen hom of die modelkontrak te kies, omdat hy moeg is vir haar soeke na 'n blomoomblik. ✓	1 1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

7.4	Dit sluit aan by haar gevoel dat sy anders/die buitestander is./ Sy voel minderwaardig teenoor haar twee susters./ Dit toon haar beheptheid met name.✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*	2
7.5	Ja Haar naam veroorsaak dat sy aanvanklik dink sy is net 'n dienares/minderwaardig teenoor haar susters. Haar naam veroorsaak haar soeke na 'n blomoomblik./veroorsaak haar konflik ten opsigte van die modelkontrak./haar troue met Peter./ Haar naam gee aanleiding daartoe dat sy die lewe as 'n fantasie beskou./haarself as 'n Griekse mitologiese godin beskou. **OF** Nee Iris besef later dat 'n naam net 'n naam is./ Die Engel wys haar daarop dat haar toekoms nie verbind is aan 'n naam nie./ Sy besef dat 'n naam nie jou denke/besluite moet beïnvloed nie./ In die afloop wag sy geduldig op selfverwesenliking./die kwart-voor-sewe-lelie om te blom. *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
7.6	Peter is meerdimensioneel./Sy vind Peter is snaakser/warmer as haar fantasiekarakters. ✓	1
7.7	Iris beskou die Engel aanvanklik as haar beskermer/raadgewer, terwyl hy aan die einde nie meer dié rolle vervul nie./sy hom nie meer raadpleeg nie./hy net deel van haar lewe is./net in die tuin sweef./nie inmeng met haar keuses nie./haar nie meer van raad bedien nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied BEIDE kante van die verandering aan.* **EN** Sy het hom nie meer nodig nie, want Peter vervul nou sy rol./haar innerlike konflik is opgelos./sy het tot volwassenheid gegroei. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
7.8	'n Mens verwag dat Iris tevrede sal wees met 'n meer romantiese ruimte soos in Amerika/Vermont, maar sy is tevrede met die voorstedelike ruimte waarin sy haar bevind. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.*	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

7.9	Sy besluit om by dr. Anders te bly werk./nie te werk in die rigting waarin sy studeer het nie./vir Peter in Amerika te gaan kuier. ✓ Sy besluit om nie die modelkontrak te aanvaar nie./om vir Peter Vermont toe te gevolg. ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
7.10	Johanna sê dat Iris elke dag vir hulle blom, terwyl die Engel sê mense kan soms ongesiens blom. ✓ *Die kandidaat bied albei dele van die verskil vir EEN punt aan.*	1
7.11	Iris kom tot die besef dat 'n mens se hele lewe 'n blomtydperk kan wees./ 'n geroetineerde voorstedelike bestaan kan net so magies wees soos die beste fantasie./ Dit bevestig Iris se volwassewording./karakterontwikkeling. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Ja Iris is in 'n gelukkige/standvastige huwelik met Peter./ Iris besef dat 'n mens nie uit die werklikheid kan ontvlug nie./maak vrede met haar lewe. **OF** Nee Iris verval in 'n geroetineerde lewe wat haar verlange na die opwindende lewe verdring./ Iris bereik nooit werklik haar blomoomblik nie. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 2
7.12.1	Iris is aanvanklik bekommerd dat die lelie net een keer per jaar blom./bang dat haar blomtyd sal verbygaan, maar ten slotte wag sy geduldig op selfverwesenliking/op die "kwart-voor-sewe-lelie" om te blom. ✓ *Die kandidaat bied albei dele van die verskil vir EEN punt aan.*	1
7.12.2	Iris ontwikkel van 'n jong meisie met baie onsekerhede oor die lewe/ die huwelik/haar doel in die wêreld/die vrae oor haar blomtyd tot 'n volwasse, getroude vrou wat vrede maak met haar omstandighede./die mense om haar./ Sy ontwikkel van 'n onseker jongmens tot die besef dat sy self verantwoordelikheid vir haar keuses moet aanvaar./ Aanvanklik is Iris verknog aan haar fantasiekarakters, maar ten slotte besef sy die lewe is nie 'n storie nie./dat hulle nie so werklik soos Peter is nie./ Aanvanklik kan sy nie wag om te blom nie/glo sy dat sy te alle tye gereed moet wees om te blom/nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys nie, maar ten slotte wag sy geduldig op die kwart-voor-sewe-lelie om te blom. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
		[25]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Baas is, as Chipman-seun, van geboorte af bewus van sy oupagrootjie en Manaka, maar fokus in sy drome op 'n boot.	Baas is die vierde geslag Chipmans wat gebore is. Hy kry sy oupagrootjie se naam.	Bl. 10: *In Maart 1952 word nog 'n geslag bygevoeg toe Page en Grace Chipman se enigste kind gebore word, die vierde geslag Chipmans, met die naam Dennis, ook met die noemnaam Baas.*
Van kleintyd af skoei Baas sy drome op stories oor sy oupagrootjie, maar fokus slegs op buffels jag en die droom om met 'n boot op die Zambesi te vaar.	Baas kan nie genoeg kry van die stories oor sy oupagrootjie, ook Dennis Chipman, nie. Hulle toon ooreenkomste ten opsigte van hulle voorkoms en lewensdroom. Hy is ook bootbehep soos sy oupagrootjie.	Bl. 10: *Op laerskool is dit duidelik dat hy, soos sy oupagrootjie, lank gaan wees, rankerig gebou, met breë skouers wat effens vooroor buig – die tekens van 'n sterk man in wording.* Bl. 10: *Gedurende skoolvakansies roei hy dae lank met sy selfgemaakte blikskuit op die Ebenezer-dam. In die reënseisoen toets hy die boot op die sterk kabbelwater van die Bo-Letabarivier.*
As skoolseun droom hy daarvan om in sy oupagrootjie se voetspore te volg, hoewel hy nie al die besonderhede oor die oupagrootjie se lewe ken nie.	Vir hom klink die lewe as buffeljagter en booteienaar baie romanties en opwindend. Eers roei hy tydens vakansies daglank met sy selfgemaakte blikskuit op die Ebenezer-dam. Later kan hy nie genoeg leesstof oor die Zambezirivier kry nie.	Bl. 11: *Die jong Baas Chipman voltooi sy skoolopleiding op Louis Trichardt ... bevriend raak met die dorpsbibliotekaresse, wat hom voorsien van leesstof oor ... veral Zambië en die gebiede rondom die Zambezi-rivier.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

As 'n toergids doen hy iets waaroor hy nie gedroom het nie, maar dié werk bied aan hom die geleentheid om nader aan sy oupagrootjie se wêreld, die Zambezi, te kom.	Op pad Zambië toe is hy selfs ongeduldig om sy oupagrootjie se droom na te jaag.	Bl. 15: *Met 'n tas vol kaarte van die staatsdrukker in Pretoria, vat Baas die pad ... Hy kan sy ongedurigheid nie langer besweer nie.* Bl. 15: *By die groot Suid-Afrikaner ... kry hy ook inligting oor Barotseland.*
Baas gaan soek die oupa-grootjie se blyplek in Barotseland omdat dit die plek is wat hy uit die stories oor sy oupagrootjie onthou: 'n plek met buffelhorings.	Op Manaka vind hy die naam van die *Manaka Evangelical Mission*, maar nie veel ander bewyse van sy oupagrootjie se bestaan nie. Hy besef nie dat sy oupagrootjie die oorspronk-like sendeling was wat hierdie kerk gestig het nie. Die sendingstasie is, voorlopig, vir hom net 'n middel tot 'n doel.	Bl. 18: *Langs die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde Manaka Evangelical Mission netjies daarop geverf.* Bl. 20: *Iemand is redelik onlangs hier begrawe. Indoena van God? 'n Sendeling miskien?*
Baas se enigste droom is om – soos sy oupagrootjie – 'n boot op die Zambezi-rivier te kry./Hy droom oor 'n boot wat toeriste sal lok: daarom koop hy onmiddellik 'n boot.	Hy verken dadelik die Zambezi met die oog op 'n toerisme-bedryf./Hy wonder hoe die oupagrootjie gedink het om 'n boot by die Ngonye-waterval verby te kry. Hy begin aktief werk aan sy droom om 'n boot te bou – en die droom word uitgebrei met die moontlikhede wat so 'n boot vir toerisme kan hê.	Bl. 18: *"Hoe op aarde het oupagrootjie Dennis gedink gaan hy 'n boot hier verby kry, my honne?" ... "Of het hy ook, soos ons, noordwaarts gedink en nie suidwaarts, terug na die beskawing toe nie?"* Bl. 25: *Baas vergelyk die notas wat hy gedurende die dag gemaak het met die inligting op die kaarte van die Zambezi ...* Bl. 28 *'n Mens kan dieselfde grootte boot bou met 'n vlakker diepgang. Veel vlakker.*
Baas se ontmoeting met Manuel se gesin beïnvloed sy droom oor toerisme en 'n gemaklike, onbetrokke lewe, want skielik moet hy sy droom/lewensmiddele met mense deel.	Nie net gee hy sy laaste malariamedisyne vir die dog-tertjie nie, maar hy vertrou hulle met inligting oor sy droom/begin maandeliks vir hulle kos aflewer – alhoewel hy dink hy wil niks met die mense van Barotseland te doen hê nie.	Bl. 30: *Die pille het haar naar gemaak, maar sy is beter. Hy laat haar die volgende vier pille drink.* Bl. 30: *Baas vertel dat hy kom vasstel het tot waar 'n mens met 'n groot boot kan vaar, want eendag ... Hy wil mense van ander lande kom wys hoe die mense van die Zambezi leef.* Bl. 35: *Vir Manuel en sy gesin koop hy pakke mieliemeel en suiker ...*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Ook Baas se houding/ingesteldheid dat hy net vir sy honde omgee en by niks anders betrokke wil wees nie, word getoets as hy die bougainvillea se blombotseltjies raaksien.	Hy vermoed dat sy oupagrootjie die bougainvillea geplant het./begin dit versorg. Die bougainvillea bewys aan Baas (onbewustelik) dat selfs sy oupagrootjie by meer as 'n boot betrokke was.	Bl. 34: *Niemand anders as Dennis Chipman kon hierdie ranker geplant het nie ...* Bl. 36: *... en by die hardewarewinkel 'n sakkie kunsmis vir sy oupagrootjie se bougainvillea.*
Baas se drome oor die boot word in die wiele gery deur die eise/versoeke van die plaaslike mense; Baas raak toenemend gefrustreerd, omdat hy nog nie besef dat hy ook dáármee in die oupagrootjie se voetspore moet volg nie.	Mense stroom na hom vir chlorokienpille vir malaria en kos. Dit irriteer hom geweldig, want die khuta/siekes se eise/teenwoordigheid/versoeke veroorsaak dat hy nie geld/tyd het om aan die boot te werk nie.	Bl. 42: *"Hier is altyd genoeg mense as daar vleis in die kamp is ..."* Bl. 42: *"Maar jy weet tog ek het nie meer pille nie. As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het."* Bl. 43: *Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie.*
Baas hou nie rekening met die moontlikheid dat sy drome/bootbouery/jagtery deur malaria in die wiele gery kan word nie.	Grace verpleeg hom en tree namens hom op deur reëlings te tref om hom by die hospitaal te kry. Sy sorg ook vir sy honde.	Bl. 42: *Die honde wou haar nie naby die huis toelaat nie. Sy het vir hulle vleis gekoop ... Hulle was honger.* Bl. 42: *Sy kon Dinsdag eers in die huis kom. Sy het gesien dat hy van sy bed afgeval het.* Bl. 47: *By Manaka sien Grace dat Baas nog nie weer sy bewussyn herwin het nie. Sy vat vir hom skoon klere ...*
Grace, as selfaangestelde versorger op Manaka, is die eerste een wat Baas inlig dat Ouma Essie se siening van syne verskil.	Ouma Essie voel dat Baas met 'n ander doel na Manaka gestuur is – nié om 'n boot te bou nie, maar omdat die Here hom soontoe gestuur het om ander te help. Baas is intens ontsteld, omdat hy steeds droom oor 'n boot./hy steeds niks van siekes en armes wil weet nie.	Bl.43: *My ouma Essie ... het gesê sy sal meneer Baas gaan roep, want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van Manaka te help.* Bl. 63: "... *Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef? Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale ... ?"*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Baas se lewe op Manaka word verder gekompliseer wanneer Grace haar oor Baas se koms na Manaka uitspreek: sy glo dat Baas, net soos sy oupagrootjie, Manaka toe gestúúr is.	Sy wys hom daarop dat daar belangriker dinge as die boot is.	Bl. 63: *Miskien moet ek ook reguit praat. As die Here daar by Manaka vir jou kom sê het jy gaan nie van hierdie siekte gesond word nie en daar is net één ding wat jy nog kan kies om klaar te maak ... sou jy die boot gekies het?"*
	Sy glo ook dat Baas met 'n ander doel na Manaka gestuur is, naamlik om haar te help.	Bl. 95: *Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien ... waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het.*
	Grace verwys na Baas se oupagrootjie as die eerste sendeling, die een wat Manaka toe gestuur is.	Bl. 95: *Miskien is dit ook hoe Hy die eerste sendeling gestuur het om Manaka te begin, lank voor my oupagrootjie se tyd.*
	Grace noem aan Baas dat sy omgeehart van die Here af kom.	Bl. 93: *"... Dit is nie ek wat jou die oë gegee het waarmee jy al hierdie dinge sien nie ... Ook die ore wat die Here jou gegee het, is gemaak om te hoor wat Hy graag wil hê jy moet hoor …"*
Ouma Essie plant die saadjie in Baas dat die droom van die oupagrootjie, wat sy eie droom geword het, deel van sy roeping op Manaka vorm./gee vir Baas interessante inligting oor sy oupagrootjie wat Baas met nuwe verwondering oor sy voorsaat vul.	Sy sê indirek vir Baas dat hy, soos sy oupagrootjie, deur die Here uitverkies is om na Manaka te kom vir 'n ander doel as wat hy najaag.	Bl. 117: *Die man wat deur die Here uitverkies en gestuur is om die saadjie vir Hom te kom plant, was 'n jagter.* Bl. 118: *Sy kyk reguit na Baas. En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie.*
Ouma Essie konfronteer Baas oor die feit dat hy sy menswees rondom sy bootdroom bou.	Sy probeer hom oortuig dat sy identiteit geleë is in die drome wat die Here vir sy kinders gee.	Bl. 122: "*Wat wil jy met die boot maak?" Ouma Essie staan vas teen Baas. Haar liggaamshitte is soos sy eie. "Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom, jongman."*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Baas se stryd oor waarom hy op Manaka is, word hewiger: hy besef daar is baie inligting oor sy oupagrootjie waarvan hy nie bewus is/was nie./ **Hy besef toenemend dat Grace en Ouma Essie reg is om ooreenkomste tussen hom en sy oupagrootjie uit te wys./** **Hy ervaar toenemend dat hy al minder by sy boot uitkom omdat hy al meer deur Manaka se nood/behoeftes/ probleme betrek word./** **Hy begin al meer inligting oor sy oupagrootjie inwin.**	Aanvanklik baklei hy ten sterkste oor die gedagte dat hy Manaka toe gestuur is. Hy voel vasgedruk oor die feit dat al hoe meer mense op hom staatmaak vir hulp.	Bl. 94: *"Ek is nie hiernatoe gestuur nie. Ek is op my eie hier. Hou nou op met hierdie deuntjie ..."* Bl. 94: *"Ek moet die sendelinge help om hier op my eie werf in te trek sodat jy 'n werk kan kry ..."* Bl. 95: *"Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het. Miskien is dit ook hoe Hy die eerste sendeling gestuur het om Manaka te begin ..."*
	Grace se verwysing na Baas se oupagrootjie in dieselfde konteks waarna sy na hom verwys, laat hom met meer belangstelling na haar en Ouma Essie se woorde luister.	Bl. 96: *"Wat weet jy van die sendeling wat Manaka begin het?" ... "My ouma Essie is die een wat van hom weet."*
Die teenwoordigheid van die onwelkome sendelingpaar en oom Scholtzie is vir Baas 'n belangrike aanduiding dat Barotseland wel 'n behoefte aan 'n geestelike leier het; Baas kan Griesel du Pisani nie verdra nie, wat die deur vir 'n ander leier ooplaat.	Baas besef nog nie dat hý die aangewese persoon is nie, maar begin al meer vrae oor Christenskap/geloof vra./ Hoewel Baas niks met godsdiens/geloof te make wou hê nie, begin hy tog nadink oor wat hy hoor.	Bl. 154: *"Wat maak van 'n mens 'n Christen, Grieseltjie?"* Bl. 155: *"Christenskap is nie goeie werk nie. Christenskap is 'n gesindheid, sê ek altyd vir Nanna. Gaan lees jou Bybel ..."*
Baas begin al hoe meer soek na antwoorde totdat hy gaandeweg besef waaroor Ouma Essie se woorde gaan.	Baas begin lees in sy ma se Bybel asook uiteindelik in Whitey se Bybel en raak bewus van 'n groter prentjie vir sy lewe as net dié van 'n boot. Ouma Essie verduidelik dat ook die Du Pisani's met 'n doel na hom gestuur is.	Bl. 210: *Ek het my laat vind deur die wat My nie gesoek het nie, het hy in Whitey se Bybel gelees. Ek het verskyn aan die wat na my nie gevra het nie.* Bl. 105: "... *Dit is om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het*."

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Baas beleef toenemend dat hy onbewustelik na Manaka gestuur is, want hy kry al meer van Ouma Essie/Grace/ Whitey inligting oor die sendingstasie/sy oupagrootjie/ die rol van die sendingstasie in die verlede.	Sy noem dat sy en haar muluti Joseph nie by Manaka kon kom werk het as die eerste sendeling nie./die sendingstasie begin het nie. Gevolglik besef Baas dat sy oupagrootjie 'n baie groter rol in Barotseland vervul het: hy was vir die mense 'n geestelike leier, onderwyser, versorger; boonop was Manaka 'n plek waar samekomste gehou is.	Bl. 117: *"Die man wat deur die Here uitverkies en gestuur is om die saadjie vir Hom te kom plant, was 'n jagter. My muluti Joseph Mulambwa se pa én sy oupa en die hele familie Mulambwas, vrouens, kinders, almal ... is op een dag hier by Manaka onder hierdie worsboom in hierdie rivier gedoop ..."* Bl. 118: *Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie ... Manaka toe gestuur is nie."*
Baas kom al hoe meer onder die indruk van die oupagrootjie se Christenskap/ ander ooreenkomste wat hy met sy oupagrootjie het.	Whitey vertel hom dat die oupagrootjie die sendingstasie begin het en dat die oupagrootjie met 'n Tibelelo getrou het. Die oupagrootjie het ook, soos Baas, as "Baas" bekendgestaan.	Bl. 174: *"... Volgens die stories wat so deur die geslagte gekom het ... Hy wou 'n boot bou om die Zambezi te tem ... Toe ontwerp hy 'n kanaal om die waterval ..."* Bl. 177: *"In al daardie jare het hy glo net een keer teruggegaan beskawing toe ... Daardie vrou se naam was Tibelelo."* Bl. 178: *"... Hy was nogal 'n groot ou Christen ook ... Hy het my oumagrootjie eers gedoop voor hy met haar gaan trou ... "*
As gevolg van al die vertellings oor die oupagrootjie, val die legkaartstukke vir Baas in plek: nie net ontdek hy wie sy oupagrootjie werklik was nie, maar Baas leer homself beter ken en verstaan.	Baas soek daadwerklik na antwoorde oor wat van 'n mens 'n Christen maak. Nanna en Griesel sê dat dit 'n gesindheid is, wat nie vir Baas enige berusting bring nie. Ouma Essie sê dan dat elke mens 'n reg het om 'n Christen te wees en sy stuur hom om in die Bybel antwoorde te gaan soek. Die feit dat ouma Essie self deur stadiums van twyfel gegaan het, is vir Baas genoegsaam bewys dat hy nog altyd 'n Christen was, al het hy getwyfel.	Bl. 154: *"Wat maak van 'n mens 'n Christen, Grieseltjie?"* Bl. 155: *"Christenskap is nie goeie werk nie. Christenskap is 'n gesindheid, sê ek altyd vir Nanna. Gaan lees jou Bybel ..."* Bl. 163: *"... Deur alles wat ek verloor het ... Maar toe ek van my huis hier by Manaka weggevat word, en van my kerk af ... Toe het ek ... my Bybel in die rivier gegooi, muluti ..."* Bl. 202: *"Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen. ...*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Whitey se woorde dat Baas Manaka toe gestuur is om mense te help, plaas Ouma Essie se woorde in perspektief.	Baas leer by Whitey dat dit 'n familiekwaal is om by mense betrokke te raak en mense te help.	Bl. 178: " ... *Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familiekwaal ..."*
As Baas in sy ma se Bybel sien sy het sy naam en geboortedatum daarin ge-skryf, besef hy dat ook sý 'n ander droom/doel vir hom, haar kind, se lewe gehad het.	Hy verval toenemend in herinneringe aan kerkdienste en bidure van sy kinderjare in sy soeke na die antwoord oor wat van 'n mens 'n Christen maak./'n oplossing vir sy stryd.	Bl. 103: *Die wysie wat sy neurie ... klink vir hom soos "Bly by my, Heer", een van die kerkliedjies wat hy uit sy jeugjare onthou.* Bl. 159: *Daar het mense op die plaas gekom. Sy pa het gesê hulle is van die AEB. Hulle het saans bidure gehou. Die bure het ook gekom ...*
Baas stry nie meer teen die gedagte van 'n roeping en Christenskap nie. Hy lê die droom van onbetrokkenheid en 'n toerismebesigheid af.	Hy gaan lees Romeine 10, Ouma Essie se verse, in Whitey se Bybel.	Bl. 210: *Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie, het hy in Whitey se Bybel gelees. Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie. Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?*
	Whitey noem aan Baas dat hy wonder of die oupagrootjie 'n Christen was voor hy Manaka toe gekom het en of hy dit op Manaka geword het – en dit laat Baas besef dat die oupagrootjie se droom moont-lik op Manaka verander het.	Bl. 224: *"Mense soos jy, Baas, ek ook, for that matter, ek wonder baie oor ons ... En my oupagrootjie. Dit tickle my. Sou hy 'n Christen gewees het voor hy Afrika toe gekom het, dink jy? ... Dis 'n wêreld hierdie wat 'n mens maklik 'n Christen kan laat word."*
	Baas se eerste daad as sendeling, naamlik om 'n Bybel aan iemand te gee, vervul hy deur die oupagrootjie se Bybel aan Whitey te gee.	Bl. 226: *Baas gee vir hom die Bybel. "Vat dit vir jou. Ek het nog een," sê hy.*
	Al die verskillende ervarings op Manaka maak skielik vir Baas, in die groter prentjie van sy roeping na Manaka, sin.	Bl. 234: *Die klanke van Nanna se kitaar dryf na hom toe aan. Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê ... En hoe 'n kamp-vuur in die nag werk ... waar Manuel ... sit en wag vir iemand om sy siek kind gesond te maak?*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Uiteindelik aanvaar Baas sy roeping as geestelike leier op Manaka, net soos sy oupagrootjie – dit word sy nuwe identiteit.	Baas aanvaar sy roeping en verantwoordelikheid teenoor die mense van Manaka. Hy vind homself en besef dat ouma Essie se woorde kosbare waarheid dra: soos sy oupagrootjie, moet hy diens-baar wees.	Bl. 243: *"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."* Bl. 243: *"Meneer Baas kan vir ons bid," sê meneer Jos. Die mense om die bed vat hande ...* Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.*	
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.			**[25]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Manaka/Barotseland/die sendingstasie ✓	1
9.2	Ja Baas het teen sy sin sy laaste malariapille aan Grace gegee en toe self malaria opgedoen./kan homself nie keer om ander mense te help nie./is so oorval deur mense in nood dat hy nie aanhoudend nee kon sê nie. **OF** Nee Baas weier aanvanklik om die pille na Grace te neem, maar verander later van plan./maak dit van die begin af duidelik dat hy nie Manaka toe gekom het om mense te help nie en besluit self anders. ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
9.3.1	Manuel se dogtertjie ✓ **EN** Baas koop/neem daarna elke maand vir Manuel en sy gesin kos./Baas help daarna ook ander mense in nood. ✓	1 1
9.3.2	Baas wil nie by die mense van Manaka betrokke raak nie, maar hy kan homself nie keer om mense in nood te help nie./alleen gelos word om sy boot te bou, maar al hoe meer mense kom na hom toe vir hulp. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Whitey ✓	1 1
9.4.1	Ja Baas is siek/het malaria/is koorsig/deurmekaar en kan nie geblameer word vir sy ongeskiktheid nie. **OF** Nee Grace is die enigste een wat vir Baas in sy siektetoestand help./verdien dat hy dankbaar is vir haar hulp. ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

9.4.2	Die sendelinge/Du Pisani's/Nanna en Griesel (du Pisani)/oom Scholtzie ✓ **EN** Nanna (du Pisani) laat Baas besef dat hy alleen is, net soos die roep van die moerasfiskale hom daaraan herinner dat hy nie 'n maat het nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
9.5.1	Grace se noemnaam is dieselfde as Baas se ma se naam. ✓ Grace se stamnaam/Tibelelo is dieselfde as die oupagrootjie se eerste vrou se naam. ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
9.5.2	Riekert ✓	1
9.6	Aanvanklik is Baas geïrriteerd/ongeskik met Grace/wens dat Grace hom wil uitlos, maar later laat hy haar toe om as voorsiener/verkoper van sy vleis/versorger van hom/sy honde op te tree. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Baas besef dat hy vir Grace nodig het as hy nie meer geld het nie./sien dat Grace beter ruilhandel met die Lozi-mense doen./besef dat hy 'n vrou se hand in sy lewe mis./gevoelens vir haar ontwikkel. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
9.7	Sy leer hom dat jy alle mense met respek moet hanteer. Sy leer hom die Lozi-kultuur ken. Sy leer hom dat mense vir mekaar moet sorg (soos sy daar doen). ✓✓✓ *Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
9.8	Die oupagrootjie se skoonpa/skoonfamilie het sy kind weggevat (na sy vrou se dood) omdat hy nog lobolaskuld gehad het. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Baas betaal mnr. Johnnie se uitstaande lobolaskuld (wat dieselfde as die oupagrootjie s'n is) sodat hy sy vrou en kind terug kan kry. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

9.9	Nee Die man na wie Whitey verwys/Whitey se oupagrootjie/die Kanadees is ook Baas se oupagrootjie./ Baas soek al heeltyd na meer inligting oor die oupagrootjie./het al selfs vir ouma Essie oor hom uitgevra./ Whitey dien as bron van inligting oor die ontbrekende inligting oor die oupagrootjie wat Baas nie weet nie./ Baas besef dat hy ook oor inligting oor die oupagrootjie beskik wat hy vir Whitey kan vertel. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.*	2
9.10	Whitey gee vir Baas (en Grace) 'n gratis geleentheid terug Manaka toe (met sy houtlorrie). ✓	1
9.11	Ubuntu/Die wat het, help diegene wat nie het nie. ✓	1
9.12	Grace dra kos aan vir Baas en sy honde./kook kos vir Baas en sy honde./maak seker daar is kos vir hom deur sy ruilhandel/verkope te behartig./Grace voorsien Baas van die nodige inligting oor die khuta./tradisies van die Lozistam. ✓ Whitey voorsien Baas van die nodige inligting oor die oupagrootjie./houtplanke vir die houtbankies onder die worsboom.✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
		[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

***VATMAAR* – AHM SCHOLTZ**

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Tant Wonnie		
In die roman is dit uit die staanspoor duidelik dat Tant Wonnie volgens vaste beginsels lewe.	Tant Wonnie sê dat hulle nie die kerksaal verniet moet verwag nie, hulle moet daarvoor werk.	Bl. 33: *Ons kan nie verwag om die kerksaal en sy staanplek verniet te kry nie. Ons is nie daaraan gewoond om dinge vir niks te kry nie. Ons het nog altyd gewerk vir wat ons wil hê.*
	Tant Wonnie besluit dat die kerkerf gekoop moet word en vaardig 'n seuntjie en dogtertjie af om geld by die mense te kollekteer.	Bl. 33: *Sy het twee aangewys: Loop by elke huisgesin langs en hulle sal iets in die sakkie sit. Mense, gee met 'n goeie hart, het sy gesê, dit maak nie saak hoe min dit is nie.*
	Indien 'n huisgesin nie kan gee nie, moet hulle slegs hul hand op die sakkie sit, want dit sal hul seën bevestig.	Bl. 33: *as daar 'n gesin is wat niks het om in die twaksakkie te sit nie, sê dan vir die tante of die oom om net aan die sakkie te raak sodat ons hulle seëning kan hê.*
Tant Wonnie het alles in haar vermoë gedoen om huisvesting vir haar en haar twee dogters te kry, al moes sy haar trots in haar sak steek.	Tant Wonnie woon in 'n kamer van 'n huis wat sy aan Mister Wingrove verkoop het – leef op ander se genade.	Bl. 110: *... , moes Tant Wonnie die groot huis aan Mister Wingrove verkoop. Sy het net die buitekamer uitgehou en gesê een kamer is beter as geen kamer nie.*
Tant Wonnie glo sy moet deel soos in die geval met water en vleis.	Tant Wonnie deel met die armes van Vatmaar, sy kon water gee soos sy wil en as daar 'n slagding is, het sy vleis ook gedeel.	Bl. 111: *... , sal die water lewenslank aan Tant Wonnie behoort. Sy kon dit weggee soos sy wou. En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Tant Wonnie vra nie 'n vaste prys vir haar medisyne wat sy aan die inwoners voorsien nie.	Mense betaal soms met sout vir hul medisyne, omdat Tant Wonnie sê hulle kan gee wat hulle wil.	Bl. 111: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie, ook al het hulle haar reguit gevra. Sy het net gesê: Gee wat jy wil.*
Tant Wonnie is onwrikbaar in haar geloof – sy glo sonder om te twyfel.	Tant Wonnie se behoefte aan God se Woord is deurlopend en sy het geglo; sonder twyfel	Bl. 112: *Tant Wonnie was uit-gehonger na die Woord van God. Sy het dit geglo soos sy dit gehoor het en nooit enige vrae gevra nie.*
Tant Wonnie skroom nie om vir Suzan die waarheid te vertel wat die Venter-seuns met haar probeer nie.	Tant Wonnie praat reguit met Suzan en sê vir haar dat die seuns seks met haar wil hê, netso sal ouer mans ook alles probeer om 'n jong meisie vir dieselfde doel aan te keer.	Bl. 113: *... ek gaan jou nou vertel wat my ma vir my vertel het toe ek so oud soos jy was. Mans, het sy gesê, sal alles doen om 'n jong meisie soos jy in die hande te kry, veral ouer mans. Hulle verkies om by jong meisies te slaap want hulle sê dit laat hulle jonger voel. Jy weet wat ek bedoel met slaap?*
Tant Wonnie begin skoon toe sy van Sannah se begrafnis kom en haar buitekamer is geplunder.	Die buitekamer is gestroop daarom besluit Tant Wonnie om met die geld tot haar beskikking die buitekamer weer op te knap.	Bl. 136: *Sy en Suzan het 'n nuwe lewe in armoede begin, met net Kaaitjie se tien sjielings 'n maand wat sy by Mevrou Bosman verdien het.*
Tant Wonnie vlek in die hof haar geskiedenis van haar en haar man oop.	Tant Wonnie verklaar in die hof dat sy die eerste keer praat oor haar "huwelik".	Bl. 179: *Mineer, het sy gesê, dit is die eerste keer lat ek met iemand van my troue praat.*
Kaaitjie		
Kaatjie en haar ma het 'n goeie verhouding met mekaar, alhoewel sy in die Pan gewerk het.	Kaaitjie het in die Pan gewerk en het seker gemaak sy kom net een keer 'n maand op 'n Sondag kuier.	Bl. 111: *Tant Wonnie en Suzan het goed klaar gekom. Sy en Kaaitjie, haar oudste dogter, ook, maar Kaatjie het in die Pan by Miesies Bosman gewerk en net een Sondag elke maand kom kuier.*
Kaaitjie is pligsgetrou, want toe Suzan onverwags opdaag, wil sy eers haar werk klaarmaak, alvorens hulle kan praat.	Kaaitjie laat Suzan wag; sy wil eers die kinders was voordat hulle kan gesels.	Bl. 146: *Hou nou op, my suster, daar is nie nou tyd om te praat nie, sê Kaatjie. Sit hier op die klip. Ek moet net gou die kinders gaan was.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Kaaitjie doen die regte ding deur mevrou Bosman toestemming te vra as Suzan onverwags opdaag.	Kaaitjie neem nie net aan dat sy daar mag slaap net omdat Suzan haar suster is nie; Kaaitjie tree reg op om toestemming te vra.	Bl. 147: *Ek het die miesies gevra of my suster vanaand by my mag slaap.*
Kaaitjie doen haar tekort om haar bord kos vir Suzan te gee.	Kaaitjie gee haar kos vir Suzan sonder om twee keer te dink toe Mevrou Bosman sê sy het nie nog kos vir die suster nie.	Bl. 147: *Ek het nie kos vir jou suster ook nie. Dankie, Miesies. Kaaitjie het die bord voor Suzan gesit. Eet jy maar.*
Kaaitjie gee haarself met hart en siel in haar verhouding met Kenneth.	Kaaitjie weet presies watter tyd Kenneth kom kuier, derhalwe is woorde nie nodig wanneer hulle herenig nie.	Bl. 148: *... : Kan ek inkom? Kaaitjie het stil bly staan en sonder om 'n woord te sê haar arms oopgemaak. Hy het oor die drumpel gestap en hulle het mekaar styf vasgehou.*
Kaaitjie tree in haar handel en wandel so op dat sy nie ander mense ontstel nie.	Kaaitjie reageer positief toe Kenneth sê as hy vir haar gaan kom kuier, gaan hy hom gedra, waarop Kaaitjie sê dat sy haar ook sal gedra.	Bl. 150: *Ek wil graag vir jou kom kuier. Ek belowe jou, Kaaitjie, ek sal my gedra. ... Ek sal myself ook gedra, Mineer, het sy geantwoord.*
Suzan		
Suzan en haar ma staan in 'n goeie verhouding en hulle teenwoordigheid bymekaar het nie woorde nodig nie.	Wanneer Suzan en haar ma in mekaar se teenwoordigheid is, is woorde nie nodig om hulle bewus te maak van mekaar nie.	Bl. 111: *Tant Wonnie en Suzan het goed klaar gekom. ... Tant Wonnie en Suzan het soms ure lank saam gesit sonder om 'n woord te sê.*
Suzan leef haar geloof uit deur te bid vir elke nuwe dag en die kos wat hulle eet.	Suzan dank God vir elke nuwe dag en die ete – al eet hulle net een keer 'n dag.	Bl. 112: *... die twee op hulle se knieë gegaan en God gedank vir die koms van die dag. Hulle het gewoonlik net een keer 'n dag geëet, en dan het die twee bymekaar gestaan, ... en gesê: Dankie Vader ...*
Suzan is die vriendelikheid self; sy het almal met 'n glimlag gegroet.	Suzan se vriendelikheid het gemaak dat haar ma haar aan almal aanbeveel het, indien daar iets gedoen moet word.	Bl. 112: *Suzan het almal met 'n glimlag gegroet, wat meer as woorde gesê het. ... As enigiemand iets gedoen wou hê, is daar altyd gesê: Gaan vra vir Suzan.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Suzan is 'n broodwinner en werk oral waar daar iets is om te doen.	Almal vra Suzan as hulle iets gedoen wil hê. Sy werk by Oom Chai en melk Antie Venter se koeie.	Bl. 113: *Suzan was haar ma se broodwinner. Sy het gereeld Oom Chai se huis aan die kant gemaak, maar soggens vroeg moes sy eers na die Venters toe om hulle troppie Switserse en ander melkbokke te melk.*
Suzan wil nie lastig wees of mense pla nie.	Suzan wil nooit Auntie Venter vroeg wakker maak vir die melkemmers wat sy gebruik wanneer sy die koeie gemelk het nie, maar het liewer gevra dat dit al die vorige middag uitgesit moet word.	Bl. 113: *Sy het Antie Venter gevra om dit die vorige dag al daar neer te sit sodat sy hulle nie so vroeg hoef wakker te maak nie.*
Suzan steek niks weg vir haar ma nie.	Toe die Venter-seuns gedurig aan Suzan vat, aan haar hare en wange, wonder sy en vra haar ma een aand.	Bl. 113: *Hulle wou altyd aan Suzan vat en het aanmekaar probeer om aan haar hare en haar wange te raak. Hoekom? Een aand het sy dit vir haar ma gevra.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Vir die inwyding van die kerk ✓	1
11.2.1	Die Vatmaar-mense het respek/waardering/agting vir die dames (se lewenswaardes).✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
11.2.2	Nee Sus Bet het, anders as Vatmaar se mense, haar besittings opgepas./geglo die kultuurerfenis moet behoue bly./was die enigste een wat Ta Vuurmaak tot die einde versorg het. Tant Wonnie was, anders as Vatmaar se mense, trots./het geglo jy moet werk vir wat jy wil hê./haar godsdienstige waardes uitgeleef./het skoon volgens haar waardes geleef./ Tant Wonnie was altyd dankbaar./nie haatdraend of wrokkig nie./ Haar innerlike waardes het by haar uitgestraal sodat mense vir haar respek gehad het./sy het geglo geld kan nie alles koop nie. **OF** Ja Sus Bet: het geglo 'n mens moet skelm-slim wees./nie uitgevang word as jy skelm is nie (net soos Vatmaar se mense).✓ Tant Wonnie: het omgegee/naasteliefde uitgeleef soos Vatmaar se mense. ✓ *Die kandidaat mag 'n JA-antwoord by een karakter en 'n NEE-antwoord by die ander karakter gee.* *Die kandidaat MOET na albei karakters AFSONDERLIK vir een punt elk verwys.*	 1 1
11.3.1	Ja Tant Wonnie sê aan hulle dat hulle moet werk vir dit wat hulle wil hê. **OF** Nee Daar is vir Du Toitspan 'n terrein vir 'n kerk opsy gesit. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	 1
11.3.2	Een van die ouderlinge van die moedergemeente moet Oom Chai ontmoet (om die mense van Vatmaar te leer ken). ✓ Oom Chai sal die ouderling van die kerk wees wat moet toesien dat alles op 'n Christelike manier gedoen word. ✓ As daar nie 'n ouderling van die moedergemeente beskikbaar is nie, moet oom Chai vir die diens sorg. ✓ D*ie kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	 3

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

11.4	Oom Chai het die bruikbare items van die afgebrande huise gevat. ✓ Oom Flip het diamante gevat. ✓ **EN** Vat wat jy nodig het. ✓	2 1
11.5	Die mense van Vatmaar dra die beste klere wat hulle besit uit respek vir die kerk. ✓ Die mense van Du Toitspan het deftig/spoggerig aangetrek as teken van hulle welvaart. ✓ D*ie kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
11.6	Ouma Lewies ✓ **EN** Ja Haar man/Oupa Lewies was betrokke by die onderhandelings van die oprigting van die kerk. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1 1
11.7	Na Kenneth se ouerhuis/Kimberley ✓ **EN** Hy het gewroeg met die onsekerheid of sy ouers vir hom en Suzan gaan aanvaar of wegjaag./ Hy is lief vir Suzan, alhoewel sy ongeletterd is, maar hy weet sy ouers wil hê dat hy met 'n geleerde vrou trou. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*	1 1
11.8	'n Mens sou verwag dat iets waarop jy trots is, voordelig sal wees, maar nou bring dit hartseer./dakloosheid. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.*	1
11.9	Tant Wonnie se kinders is nooit weer gesien nie. ✓ Alles wat sy verteenwoordig het, is weg. ✓ D*ie kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

11.10	Kenneth bou 'n kliniek wat na Kathrina se dood na haar vernoem is./ Hy bou die kliniek ter nagedagtenis aan Kaaitjie. ✓ D*ie kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Die baba/Heinrich is Kaaitjie se kind.✓	1 1
11.11.1	Hulle albei gee om vir ander mense./ Hulle is hulpvaardig./ Hulle is vriendelik./ Hulle is mededeelsaam./ Hulle is diep gelowig./ Hulle is dankbaar. ✓✓ D*ie kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	 2
11.11.2	Ja Aangesien Tant Wonnie Kenneth as die pa van die baba aanvaar, is dit vir Suzan makliker om met hom te assosieer. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	 1
		[25]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

***NDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS of AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Eckardt se valsheid teenoor Greg begin wanneer hy hom onder 'n valse identiteit by die skool inskryf en reeds op die eerste dag 'n invloed op Greg het.	Greg glo dat Eckardt 'n nuweling by die skool is sonder om dit werklik te bevraagteken dat Eckardt as 'n nuwe leerder in sy matriekjaar by die skool aansluit.	Bl. 53: *Kan jy nou meer? In ons laaste jaar. Sy pa moet connections uit 'n ander wêreld hê.*
	Greg word dadelik berekend deur Eckardt uitgedaag deur die boodskap wat hy met sy houding uitstuur, naamlik dat hy hom nie gaan onderwerp aan die skool se tradisionele manier van doen nie.	Bl. 53: *Moeilikheid, sien ek. Hierdie ou soek moeilikheid ... Ek frons, weet nie wat hy bedoel nie. Ek kan sien hy weet dit ... Hy kan nou wegloop, dink ek, maar ons sal mekaar weer sien ... Hy moet nie dink hy kan hier aankom met 'n houding nie. Ek en 'n paar van my pelle sal hom gou uitsort. Nes ons die graadagts gaan uitsort. Hardegat word sagtegat.*
	Tydens die Trapper-oriëntasie word Greg weer eens deur Eckardt se kyk, wat hom aan John herinner, gemanipuleer, sodat Greg nie vir Eckardt in die tonnel afstuur nie – en so begin hy om sy jaargroep van hom te vervreem.	Bl. 61: *Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n.* Bl. 63: *Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte. Maar ek gee nie om nie. Ek moes dit doen.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Eckardt begin 'n valse vriendskap met Greg smee; uiteindelik het dit verreikende gevolge vir Greg.	Greg word verblind deur Eckardt se valse aanbod as hy Greg kamtig gaan help om die verlore Trappers te soek; daardeur probeer hy 'n valse vriendskap met Greg kweek. Uiteindelik word Eckardt Greg se klankbord.	Bl. 69: *"Ek kom jou help," sê die ou. Dis Eckardt.* Bl. 119: *Hy is iemand met wie jy kan praat as dinge by die skool pla. Die ander ouens maak alles af as 'n grap. Of hulle gee nie om nie. Eckardt sal luister as ek hom vertel van Nicole en hoe ek oor haar voel. Oor my pa ... En my ma wat huilend gebel het en ek wat niks daaraan kan doen nie.* Bl. 174: *Ek gee die woorde kans om in te sink. Ken Eckardt my dan só goed, ná net 'n paar maande? Vrek, ek dink nie eens Nicole het dit al eens besef nie, ...*
	Eckardt gee voor om sy vriend te wees, maar begin deur vir hom 'n bier aan te bied wat daartoe lei dat Eckardt die eerste stap in die onderwêreld van opstand gee: hy begin reëls oortree.	Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie, hulle moet af en toe rowwe terrein aandurf.*
	Greg word onder die indruk gelaat dat Eckardt nie 'n plek het waarheen hy die vakansie kan gaan nie, en dit veroorsaak dat Eckardt hom by Greg se gesin inwurm. Greg is selfs verbaas hoe gemaklik Eckardt met Greg se pa oor die weg kom, maar hy is van die begin af jaloers op hoe Eckardt en Nicole na mekaar kyk.	Bl. 118: *"My pa-hulle is Switserland toe. Henno en Janita is by hulle pelle. Ek sal seker by die huis wees. 'n Bietjie stilte sal goed wees."* Bl. 119: *Die Vrydagoggend toe die skool sluit, is Eckardt se tasse gepak. En ek het nie sy toptienlysie gekry nie, wat beteken hy kom saam.* Bl. 146: *My mond hang behoorlik oop toe ek die vakansie sien hoe goed my pa en Eckardt oor die weg kom ...*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

		Bl. 147: "*Nicole? Sy is ongelooflik. Jy is baie gelukkig om haar te hê." "Jy moet vir jou ook 'n meisie kry. Net nie myne nie. Kry jou eie. Hier's baie."* Bl. 148: *... maar hoekom pla iets my? Miskien is dit omdat Nicole se oë op daardie oomblik meer oor Eckardt se bruingebrande lyf val as oor myne ... Eers toe Nicole tussen ons kom sit op haar handdoek, krul 'n effense glimlag om Eckardt se mondhoeke.*
	Hierdie vakansie word uiteindelik ook 'n middel tot 'n doel omdat Eckardt vir Greg van sosiale manipulasie tydens hierdie tyd leer en Greg ongemaklik daaroor voel.	Bl. 121: *Drie dae later besluit die girls om te gaan shopping doen … "Het ek jou al vertel van social engineering?"*
	Greg begin Eckardt sien as plaasvervanger vir John. Greg gee selfs John se kamer aan Eckardt tydens hulle vakansie.	Bl. 120: *Dis eers later dat ek dit besef; ek het onbewustelik John se kamer vir Eckardt gegee.* Bl. 56: *Ek het gesien hy is eintlik 'n cool ou. Of liewer, dit was meer as dit. Ek het iets anders in hom gesien. Iets van my broer, John.*
Eckardt skep 'n valse gesin met dieselfde agtergrond as Greg s'n en Greg val daarvoor.	Eckardt skep die indruk dat hy 'n doodnormale gesin het om Greg verder te manipuleer, sodat Greg al hoe meer met hom kan assosieer.	Bl. 90: *Een van die duimspykers gly uit en 'n foto dwarrel grond toe. Ek tel dit op. Dit is van 'n man, vrou en twee kinders. "Jou pa-hulle?" vra ek.* Bl. 91: *"Wat doen jou pa?" "Hy voer staal in van Japan en Switzerland. Hier verkoop hy dit ten duurste ..." "So, min of meer die standaard high-living family tipe ding," sê ek. "Jip, soos die res van die ouens hier. Die clones."*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Aangesien Greg verkeerdelik die indruk kry dat Eckardt begrip het vir sy omstandighede en die druk wat sy pa op hom plaas, begin hy Eckardt al hoe meer vertrou en glo.	Bl. 70: *"So, het jy ook een van daardie pa's?" "Jy ook?" Eckardt trek sy skouers op. "Seker nie so erg nie. Maar wat dink jy maak ek hier? Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie? Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê." "En in pappa se voetspore kan volg," voltooi ek die sin. "Ek sien jy weet," sê Eckardt.* Bl. 119: *Eckardt sal luister as ek hom vertel van Nicole en hoe ek oor haar voel. Oor my pa ... En my ma wat huilend gebel het en ek wat niks daaraan kan doen nie.*
	Eckardt skep die indruk dat hy Greg se vriend is, maar kry dit baie subtiel reg dat hy vir Greg teen sy pa se oorheersing en ten opsigte van sy toekomsplanne opstook. Die fyn, listige suggesties het ten doel om Greg teen sy pa te laat rebelleer – en Greg rebelleer nie net teen sy pa nie, maar ook die skoolhoof.	Bl. 99: *"Tja, die skole toets jou kamtig, gee raad. Maar op die ou einde is die besluit joune. Ek dink jy moet luister na wat jou hart sê." "... Maar ek sien al hoe sit dit my pa se stress levels in die rooi." "Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt.* Bl. 99: *Ek wonder skielik wat John sou geswot het. Sou my pa hom steeds in 'n rigting gedruk het waar hy nie wou wees nie?* Bl. 105: *"Watse snert is dit?" vuur my pa nog 'n rondte af. "Van wanneer af besluit jy om jou skoolhoof se gesag te ondermyn?" "... Ek is teleurgesteld in jou, Greg." "Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa!"*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Eckardt begin om onder valse voorwendsels vir Greg by kuberkrakery te betrek.	Aanvanklik prikkel Eckardt net Greg se belangstelling, maak of hy besorg is oor Greg se veiligheid, skep die indruk by Greg dat daar inligting oor kuberkrakery is wat Greg nie weet nie – en slaag daarin dat Greg hom uiteindelik vra om hom te leer hack.	Bl. 70: *"Hoop nie jy is op die porn sites nie?" "Sal dit nie waag nie. Nie by dié skool nie, ..."* Bl. 70: *"Baie gevaarlik wat jy nou doen, nè?" sê Eckardt.* Bl. 70: *"Het jy tyd, dan gaan wys ek jou 'n paar ander goed?"* Bl. 70: *"Nee, genuine. En selfs al was daar 'n slot, beteken dit ook nie jy surf veilig nie."* Bl. 71: *"Sê my, Greg," vra hy toe ek een van die biere na hom toe uithou, "het jy al 'n computer try hack?"* Bl. 81: *"Oukei," sê ek. "So daar is die good guys en die bad guys in die hacking-onderwê-reld." ... "Sal jy my leer?" vra ek toe Eckardt weer agteroor lê in sy stoel.*
	Eckardt kry dit reg dat daar 'n fyn balans is tussen die volgende uitdagings vir Greg ten opsigte van kuberkrakery en sy belewenis dat hy suksesvol in hierdie uitdagings is – en so iets van die adrenalien rush wat hy saam met John ervaar het, beleef. Maar selfs hierdie sogenaamde sukses wat hy aanvanklik beleef, vind plaas met Eckardt se hulp, net om seker te maak Greg raak nie moedeloos nie.	Bl. 89: *Ek maak soos hy sê. Die skerm verander. Die eerste Basic Web challenge: "The idiot test".* Bl. 90: *"Nee wag. Voor jy gaan, wil ek jou iets wys." Eckardt druk my terug in die stoel. "Ek is seker jy weet teen dié tyd al genoeg om die eerste challenge agter die rug te kry ... Ek scroll af deur al hierdie kodes. En daar, soos 'n groen juweel tussen die ander source codes, sit die antwoord: Geluk, G-4ce. Nou's jy ook nie meer 'n tegnologiese Trapper nie, of hoe?"*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

		Bl. 78: *"Maak toe die kamerdeur. Cyberspace se onderwêreld wag …" Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry. Asof dit John is wat aankondig: "Hei, boet, ons gaan 'n nuwe extreme sport try."*
	Hierdie bekendstelling aan en selfs inlok in die onderwêreld van kuberkrakery het 'n negatiewe invloed op Greg se akademie.	Bl. 70: *Ja, sure. Het tog nie nou lus vir huiswerk nie."* Bl. 99: *Twee aande later crack ek Challenge 4. En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets.*
	Greg se toenemende betrokkenheid by kuberkrakery onder die valse voorwendsel van Eckardt dat hy hom vir die lekkerte en/of veiligheid daarvan leer, beïnvloed sy verhouding met sy medematrieks negatief.	Bl. 104: *Die ouens is terug van die kerk. Plank en TJ kom maak 'n draai, gesels oor iets wat op die bus gebeur het. Ek luister skaars. Maak later 'n stupid verskoning oor 'n hoofpyn sodat hulle my alleen kan los.* Bl. 106: *Ek sit net daar voor my lessenaar. Iemand kom klop aan my oop kamerdeur. Ek spring vinnig op, klap die deur met 'n slag toe en skree: "Los my uit!"* Bl. 123: *"Is dit hoekom jy gister so weird was?" vra TJ. "Ek was nie weird nie." "Sê jy. Hoekom was jou kamerdeur gesluit?" ... "Ek is nie honger nie," antwoord ek net vinnig en staan op. "Sien julle – " "Sit!" ... " ... Dis flippen ongeskik om net te loop."*
	Onder die valse voorwendsel dat dit net praktiese opleiding is, wys Eckardt vir Greg hoe om by die skool se netwerkkamer in te breek sodat Greg dit later op sy eie ook probeer doen.	Bl. 111: *"Ag, jy worry verniet, Greg. Niemand sal eens weet ons was hier nie. Trust me. Anyway, jy is in hierdie skool om kwaliteitopleiding te kry, en dis mos waarmee ons nou besig is!"*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

		Bl. 126: *Die hoofgebou is voor my. Dis waarheen Eckardt my gevat het die aand toe ons vir die terreinbestuurder gelieg het oor die skooltaak. Dis waar die netwerkkamer is.*
	Onder Eckardt se invloed verwaarloos Greg toenemend sy pligte as hoofseun en oortree ander skoolreëls.	Bl. 56: *Toe hy uit is by die deur, begin die gesprekke oor en weer vlieg. 'n Stoeigeveg breek voor in die klas uit. Ek steur my nie daaraan nie, al weet ek dit gaan later voor my kop gegooi word: "Greg, jy is hoofseun en jy het dit nie gekeer nie."* Bl. 89: *Dit was ure terug al ligte uit. So much vir my dissipline-preek vir die VRL's.*
	Eckardt sleep Greg by die onderwêreld van kuberkrakery in sonder dat hy hom inlig oor die onwettigheid daarvan – en maak van Greg 'n misdadiger in die oë van die wet.	Bl. 138*: Ek is in vet moeilikheid. Goed ... weet nie van die hacking nie. Maar wat as hulle uitvind? Ek kan hulle nie alles vertel ... sonder om myself ook by die ding in te sleep nie.*
Eckardt beplan sy valse verdwyning, wat 'n verdere invloed op baie fasette van Greg se lewe het.	Dit veroorsaak dat hy so fokus op kuberkrakery dat hy sy skoolwerk nog verder afskeep./Greg se akademie gaan met rasse skrede agteruit.	Bl. 97: *Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê … My binnekant krimp sommer ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie. Ek sal my agterent in rat moet kry … Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.*
	Greg se verhouding met Eckardt laat hom eerlik selfondersoek doen ten opsigte van sy eie leierskapsvermoë; desnieteenstaande skeep hy toenemend sy leierskapspligte af.	Bl. 76: *Magteloos. Dis hoe ek nou voel teen die skool en teen Dok Pienaar ... Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?* Bl. 85: *"Kom, ouens, vinniger!" por ek hulle aan. "Loser," kap een sag.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

		Bl. 102: *Skielik onthou ek van die busse vol leerders wat kerk toe aangery moet word. Van die ouens het al hulle skoolklere aan. Ek draai terug na Kwanele. "Sal jy vir my kerkdiensbeurt instaan?" "Why?" "Daar is iets wat ek moet doen vanoggend."* Bl. 165: *Selfs Kwanele is minder op my case. Hy het al omtrent die VRL oorgeneem, dink ek. Dis in elk geval wat hy wou hê. Ek gee tog nie meer om nie.*
	Greg se verhouding met sy pa gaan agteruit, want hy begin al hoe meer lieg vir sy pa.	Bl. 105: *Small talk. Dis hoe dit altyd begin. Ek moet my pa vertel hoe goed dit gaan met die skoolwerk. Met die rugby ... die gesensorde weergawe, natuurlik.* Bl. 165: *"Die huiswerk is baie. Die werk is moeilik, maar ek druk deur, Pa moenie worry nie." ... 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onderskeidings betref ... Weer 'n leuen. Daar is niemand wat vir my wag nie. En ek gaan ook nie rugbyoefening toe nie.*
	Eckardt se valse inskripsie in sy onderwêrelddagboek dat "hulle" van hom weet/Greg se vermoede dat Dok Pienaar iets met Eckardt se verdwyning te doen gehad het, veroorsaak dat Greg sosiale manipulering op Joan/die ander sekretaresse toepas./'n RAT op Dok Pienaar se rekenaar installeer.	Bl. 124: *Sy staan op en gaan maak vir haarself 'n koppie. Ek spring ook vinnig op, gaan kyk waarmee sy so druk besig was op die rekenaar ... Langs Joan se keyboard lê haar dagboek oop ... Die dagboek word aan die bokant oopgehou met 'n skuifspeld en 'n kleiner stukkie papier.* Bl. 124: *"Goeiemiddag, mevrou," sê ek, "meneer Cloete hier. Ek moet vir Dok kom spreek oor iets ..."*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

		Bl. 125*: Bel weer, maar dié keer een van die ander PA's.* Bl. 145: *Ek vergeet gerieflik-heidshalwe om vir haar te sê om die virusprogram weer te enable, al sal dit nie die RAT optel selfs al is dit aangeskakel nie.* Bl. 186: *Hulle moet my net nie nou uitvang nie, bid ek. Ek moet nog net hierdie laaste hekkie oorkom. Dan sal ek darem iets in my hande kan hou. 'n Bewys dat daar iets anders, iets groters aan die gang is. Dat Eckardt se verdwyning beplan was.*
	Eckardt se gewaande verdwyning veroorsaak dat Greg homself nog meer van sy vriende onttrek.	Bl. 82: *"Geluk ouens," sê ek flouerig, skielik spyt dat ek nie deel kon wees daarvan nie.* Bl. 107: *Die dag is lank. Ek kan aan niks anders dink nie ... Ek hou my kamerdeur toe. Plank en TJ kom klop weer. Later Kwanele ook. Ek maak nie die deur oop nie, sê net ek swot. Ek gaan eet nie eens nie.* Bl. 154: *"Jy't nie lus vir 'n bietjie skaak nie?" vra hy naderhand. "Kan ons dit nie later maak nie? Ek wil net ... daar is iets waarmee ek besig is, sal net so 'n uur of wat vat, dink ek."*
	Greg besef al hoe meer dat hy self 'n front aan ander voorhou.	Bl. 165: *Weer 'n leuen ... Loser. Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid. En ek moet die skyn voorhou dat alles oukei is.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Eckardt het selfs valslik 'n boek oor depressie op sy boekrak gesit om die moontlikheid van selfdood ná sy verdwyning te versterk – en hierdie gedagte dompel Greg in 'n emosionele maalgat, want aan die een kant beleef hy van vooraf John se dood en aan die ander kant wonder hy of hy bygedra het tot Eckardt se moontlike selfdood.	Bl. 56: *Skielik vang my oog een van die boeke: Depression. Nou vir wat sal hy só iets wil lees? Het hy 'n probleem? ... Skielik oorval 'n skuldgevoel my. Ek was amper die ou wat dinge swaar gemaak het vir hom.* Bl. 65: *'n Selfmoordbrief ... Ek is in 'n dwaal ... want ou, verborge gevoelens kom wys weer gesig. Spoke uit die verlede.* Bl. 66: *En nou, hier tussen die bome op die grens van die skoolterrein, wonder ek: is dít die les wat wag om geleer te word? Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bulletproof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer?* Bl. 72: *Ek voel hoe woede my lyf oorneem. Dit is so erg dat ek 'n oomblik net eers moet stilstaan en asemhaal. Kalmeer.* Bl. 92: *Nes John in daardie eerste stormdae ná sy dood. Die dae van verskriklike woede. In my agterkop bly iets net sê: ek hoop Eckardt is oukei, ek hoop nie hy het iets stupids loop en aanvang nie.*
Eckardt erken sy valsheid as hy sy wraakplanne openbaar.	Eckardt spog dat Greg vir sy valsheid geval het en so nie net Dok Pienaar s'n nie, maar ook sy eie pa se wandade onwetend aan die lig gebring het.	Bl. 215: *"My pa?" "Dis reg, die Candlestick-maker is jou pa ... Toe jy vir Dok ontmasker het as die Butcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi."*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Greg se menswaardigheid word aangetas deur die gevoel dat hy verraai is deur iemand vir wie hy so baie omgegee het.	Bl. 215: *En toe ek sien, is Eckardt op die grond. Met my vuiste wat hom tref. In die gesig. Bloed oor my hande.*
	Greg se hele lewe word omvergewerp. Sy gesin word verwoes as hy die slagoffer van die grootste sosiale manipulasie word.	Bl. 200: *"Goed, maar dink ook oor daardie amazing gevoel wat jy kry as dinge vir jou begin reg loop, my ou. As jy weet jy is net 'n paar keystrokes weg van dit wat jy soek … Dit gaan alles oor die challenge … En jy het dit ook al gevoel, nè – daardie flippen weird vibration wat jy in jou voel as jy deur die firewall breek.* Bl. 212: *"Dis reg ja. Die groot-ste social engineering attack wat jy in jou lewe sal teëkom. En jy was die victim!"*
Eckardt se valsheid ter wille van sy wraakplanne verneder nie net vir Greg nie, maar help hom ook om tot insig oor sy eie menswees te kom.	Greg is figuurlik platgeslaan nadat hy uitvind van Eckardt se sosiale manipulasie en dat hy slegs voorgegee het hy is Greg se vriend.	Bl. 211: *Ek probeer uit-figure wat Eckardt vir my probeer sê, maar dit maak nie sin nie.* Bl. 216: *Die oomblik is soos 'n reusegolf wat my alleen op 'n strand kry, oor my breek, my platvee, uitmekaarruk."*
	Greg besef uiteindelik dat hy toe nie so bulletproof was, met ander woorde onaantasbaar en weerbaar, soos hy gedink het nie.	Bl. 66: *En nou, hier tussen die bome op die grens van die skoolterrein, wonder ek: is dít die les wat wag om geleer te word? Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bulletproof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer?* Bl. 225: *"Ek is toe nie so bulletproof soos ek gedink het nie," sê hy sag. 'n Hand op sy skouer. Sy ma s'n. Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		

[25]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	(Die pa se) studeerkamer/kantoor ✓	1
13.2	Die man is bang./bevrees./ontsteld./wanhopig./gespanne./op die punt om selfdood te pleeg. ✓	1
13.3.1	Hy wil huil oor sy betrokkenheid by die onderwêreld (van korrupsie/ misdaad/geld/magsmisbruik/leuens/emosies/doderyk). ✓	1
13.3.2	Ja Alhoewel die pa willens en wetens die wet oortree het,/omkoopgeld aanvaar het, wou hy homself daarvan losmaak, maar hy kon nie. **OF** Nee Hy was 'n regter wat geweet het wat reg en verkeerd is toe hy die omkoopgeld aanvaar het. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
13.3.3	(Hy sien sy pa die eerste keer huil) toe sy pa erken dat John pille van PlusUltraMed (vir sy selfdood) gebruik het. ✓	1
13.4.1	Nee **OF** Ja	1
13.4.2	Greg se pa is die Candlestick-maker./deel van Dok Pienaar se onwettige betrokkenheid by die voëlgriepepidemie./ Greg se pa is bewus daarvan dat Dok Pienaar van die regter ontslae geraak het./ Greg se pa se mediamaatskappy/Turret-Media is in 'n finansiële verknorsing./ Greg se pa en Dok Pienaar is in die verlede van 'n misdaad aangekla./ Greg se pa het die pille van PlusUltraMed huis toe gebring waarmee John selfdood gepleeg het. ✓✓✓ *Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

13.5	Die weerklank van sy pa se stem verwys na die eggo in sy naam.✓ Sy naam wat oplos in die donker/verdwyn verwys na die seun wat verdwyn./ sy niksbeduidendheid./onbelangrikheid./sy skuilnaam./identiteitloosheid./ Die 0 sinspeel op niks./weg./dat Eckardt verdwyn. ✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
13.6	Nee Hy het homself as kuberkraker bekwaam om wraak te neem./om Greg sosiaal te manipuleer./ Hy het hom/Tom by Lawson Kollege ingewurm./ Eckardt het baie fyn beplan hoe hy wraak gaan neem./vir Dok Pienaar en Greg se pa aan die kaak gaan stel./ Hy het deur internetspeurwerk self die antwoorde opgediep. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	2
13.7.1	Hy wil vertel dat Eckardt self sy verdwyning beplan het./ Hy wil haar inlig dat Eckardt Wilken nie sy werklike naam is nie./ Hy wil sê dat Eckardt die seun van die verdwene regter is./ Hy wil dit onder sy aandag bring dat Eckardt se kuber-/hacker-skuilnaam Ekk-0 is./dat Eckardt hom sosiaal gemanipuleer het om inligting oor Project Nursery Rhyme uit te vind. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
13.7.2	Aanvanklik het Greg vir Eckardt probeer beskerm/was Greg lojaal teenoor Eckardt/geglo dat Eckardt onskuldig in die hande van die "hulle" geval het, maar nou wil Greg hom aan die polisie oorlewer. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die verandering vir EEN punt aan.* **EN** Dit is te verstane, want Greg is ontnugter oor die inligting dat hy die slagoffer van sosiale manipulasie is./omdat Eckardt sy vriendskap misbruik het./besef hy is verraai. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*	1 1
13.8	Dit sluit aan by die rekenaartaal./kuberkrakertema./ Dit suggereer die einde van die een hoofstuk/van die intrige soos wanneer 'n rekenaar afskakel word./ Dit verleen 'n egtheid aan die kuberkrakermilieu. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

13.9.1	Toe Greg gedink het dat Eckardt verdwyn het, wou hy joernaliste manipuleer om die inligting te lek, maar noudat hy die fokuspunt van die joernaliste is, is hy met hulle geïrriteerd./nou verwag hy dat dieselfde joernaliste oor hom/sy pa/die Owen-gesin moet swyg./ Toe hy mediadekking nodig gehad het, het hy na die joernaliste uitgereik, maar noudat hulle hom nodig het, weier hy dit. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat moet na albei kante van die ironie verwys vir EEN punt.*	1
13.9.2	Sy pa was die regter wat Dok Pienaar/Greg se pa se insider trading-saak hanteer het./ Dok Pienaar was verantwoordelik vir die regter se verdwyning./ Hulle gaan uitvind dat Eckardt/Ekk-0 Greg gemanipuleer het/wraak geneem het om sy uiteindelike doel te bereik./deur sy eie verdwyning te beplan./uit te voer./ Hulle gaan uitvind dat nóg Eckardt, nóg Ekk-0 sy regte naam is.✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
13.10	Hy wroeg met die wete dat hy Dok Pienaar wou uitlewer, maar nou verteer skuld hom, want hy het sy pa onwetend uitgelewer./hy gaan sy pa (soos John) ook verloor./ Na John se dood het hy sy pa kwalik geneem dat hy nie mag huil oor John nie, maar nou sukkel hy met die wete dat John PlusUltraMed se pille gedrink het vir sy selfdood./verwyt hy sy pa wat "aandadig" is aan John se dood. Hy worstel met die wete dat hy, wat gedink het hy is "bulletproof", besef hy kan self ook seerkry./glad nie weerbaar is nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat dui albei dele van die konflik vir EEN punt aan.*	1
13.11.1	Dit is die bose/onderwêreld van misdaad/korrupsie/geheime/onsekerheid wat oor die gesin/skool/Greg se toekoms neersak. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
13.11.2	Eckardt is haatdraend./onvergewensgesind./genadeloos./vals./selfsugtig. ✓ Meneer Owen is selfsugtig./snobisties./hardvogtig./vals./korrup./selfgeldend./ geldgierig. ✓ *Die kandidaat kan die karaktereienskap omskryf.* *Die kandidaat mag na ALBEI die karakters punte (mits die karaktereienskap korrek is) vir TWEE punte verwys.*	1 1
		[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS of AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Miss Africa:		
Miss Africa speel 'n positiewe rol gedurende Map se tronkverblyf, want hy praat gereeld met haar oor die geleenthede wat na afloop van sy tronkstraf vir hom wag.	Map beskou Miss Africa as vriendelik; hulle kommunikeer gereeld./Miss Africa kom sê vir Map dat sy parool bekragtig is; dat hy op 7 Desember uitkom./vry sal wees.	Bl. 9: *... Die social worker het weer moet my gepraat, sy's nogal vrinnelik ...* Bl. 9: *Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...*
Miss Africa vind vir Map uit waar hy 'n werk kan kry, sodat hy self glo dat vryheid – buite die tronk – vir hom 'n nuwe toekoms sal waarborg./Sy help om Map met moontlike werkgewers in verbinding te bring in 'n poging om hom vry te maak van sy armoedige omstandighede.	Miss Africa is van mening dat Map 'n werk sal kry wat hom positief oor 'n nuwe toekoms buite die tronk maak./waarop hy beaam dat hy enige werk sal aanvaar./Die maatskaplike werkster doen alles in haar vermoë om Map te help om 'n aanstelling te kry sodat hy sinvol met sy lewe kan aangaan.	Bl. 10: *... miss Africa, sy't moet my gepraat, sy meen hulle sál vir my 'n kans gee. Ek moet 'n werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind ...*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Miss Africa moedig vir Map aan om die waarheid te praat voor iemand wat hy vertrou, sodat hy werklik vry kan wees.	Miss Africa wil hê dat Map vrylik oor die gebeure van daardie aand voor iemand wat hy liefhet moet praat, sodat hy vergifnis kan kry – wetende dat dit hom werklik vry sal maak.	Bl. 11: *... Miss Africa, sy sê ek moet ytpraat moet iemand, ek moet once an' for all vir iemand wat ek trust, sê exactly wat gebeur het daai nag ...*
Miss Africa moedig Map aan om die aaklige gebeure van sewe jaar gelede te herleef deur dit met een van sy geliefdes te deel, want sy weet dat Map steeds 'n gevangene van sy eie skuld is – hy kan eers vry wees wanneer hy ook hierdie "ytpraat" afgehandel het.	Map is van mening dat hy reeds in die hof oor die gebeure van sewe jaar gelede gepraat het. Die maatskaplike werkster beïnvloed Map om die gebeure met iemand vir wie hy baie omgee, te bespreek, sodat hy van die trauma van die nag ontslae kan raak. Sy weet dit sal hom finaal vry maak en vergifnis bring.	Bl. 12: *Sy sê vir my, ek meen miss Africa, die social worker, jy dink jy's ge-bekeer, jy dink jy's ge-change, Map Jacobs, en miskien, ek weet nie, miskien is jy – to tell the truth ... jy sal nooit kan rus voorlat jy alles ... ytge-praat, en ge-vertel het vir iemand wat jy werklik liefhet nie.*
Apostel George		
Apostel George speel in die tronk die rol van Map se geestelike leier wat hom bystaan/lei om vry te word van sy skuld.	Onder leiding van Apostel George vind Map Jacobs die Here in die tronk./Apostel George leer Map bid, vandaar dat hulle gereeld saam bid.	Bl. 10: *Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hy het die Here vir my gebring ...*
Apostel George maak dit sy werk om voortdurend met Map te praat oor sy skuld/die Here se vergifnis waarin Map kan deel hê, sodat hy ná sy bekering ook vergifnis kan kry om finaal vry te wees.	Apostel George het vir Map tot beter insigte in die tronk gebring dat hy hom bekeer het./Hy help Map om te glo dat totale vergifnis moontlik is, maar dat Map eers sal moet "ytpraat" oor die gebeure van daardie nag toe sy sussie vermoor is.	Bl. 10: *Apostel George, hy't vir my gewys, die lig! Ma moet vir my glo, lat ek 'n kind van die Here Jesus geword het hierso ...*
	Apostel George maak seker dat Map op die regte pad bly, want hy besoek Map elke Sondag en kom soms in die week ook om geestelike gesprekke te voer wat Map motiveer om aan sy bekering vas te hou./"yt te praat".	Bl. 11: *Die Apostel van die kerk, Apostel George, hy kom elke Sondag ... Partykeers ook in die week in ...*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Met Apostel George se gereelde besoeke aan Map in die tronk verseker hy dat Map weet sy ondersteuning is onvoorwaardelik./dat Map nie afvallig raak nie./dat Map weet die Here sal hom op sy nuwe pad help.	Bl. 25: *... die kerk moet met die nuwe bekeerling praat ... Ek verstaan! Maar die Here sal my help!*
	Apostel George se leiding beïnvloed Map só dat hy leer om hom nie te bekommer oor sy herkoms/omdat hy van die Kaapse Vlakte af kom nie, want die Here het vir hóm van 'n klein plekkie soos Nasaret gekom.	Bl. 28: *Jy kom van die Cape Flats af, broer Jacobs, my nuwe broer. Hoekom bekommer jy jou, die Here Jesus het gekom van Nasaret.*
	Te danke aan Apostel George se invloed op Map, kan Map die lewe/vryheid buite die tronk aanpak, al kry hy nie werk nie. Sy optrede wys 'n totale verandering: hy is nie meer die bendelid/-leier wat in sy soeke na aanvaarding/identiteit verkeerde goed doen nie. Hy weet hy is 'n bekeerde wat aan die Here behoort, gevolglik word hy nie kwaad vir allerhande skinderstories nie. Dít maak Map vry sodat hy weer Johnnie word.	Bl. 42: *Map staar, stil.* Bl. 28: *Jy moet jou nie worry nie, Map Jacobs, Laat los jouselwers net in die sorg van die wit lig van die Here ...*
Apostel George tree as versoener tussen Map en sy ma op, sodat hy vry kan word van sy skuld teenoor sy ma.	Apostel George bewerkstellig ook die eerste poging sodat Map en sy ma kan versoen./doen moeite om Antie Grootmeisie by Map se bevryding te betrek deur met haar oor Map se bekering te praat./haar te oortuig dat Map verander het./maak seker dat Map 'n blyplek by sy ma sal hê sodra hy vrygelaat word./dat sy ma hom nie sal verwerp op grond van sy dade nie.	Bl. 28: *Missies Jacobs, die Here het jou seun aan jou teruggegee ... Die Here het vir hom gevat en vir hom ge-verander!* Bl. 29: *Suster, ontvang jou seun in die vrede van God, ontvang hom terug by jou ... (Saggies.) Kyk, hy het nuwe klere aan! (Sagter.) Hy is skoongewas ...*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Apostel George oortuig Map dat hy waarlik vry is; gevolglik wil Map openlik praat oor wat daardie aand gebeur het, want Map voel die Here het hom vergewe.	Bl.29: *... lat ek moet ýtpraat, om die exact waarheid van daarie aand te vertel, net soes 'it was, en 'it was verskriklik, my God, en 'it was vuil, en 'it was afskuwelik, maar die Here, Hy het my vergewe ...*
Apostel George is die groot invloed wat Map tot bekering lei, daarom verseker hy uiteindelik Map se totale bevryding – ook van skuld./sy aandeel aan sy sussie se dood en ma se toestand.	Wanneer hy die waarheid oor die gebeure van daardie noodlottige aand aan sy ma vertel, verkry Map finale vergifnis. Dit maak hom finaal vry!	Bl. 29: *Één ding moet ek nog doen, ek wéét, Apostel, en ek wéét lat die Here vir my wag ...* Bl. 31: *Skullag en vuil en vieslik! Here, kan jy die merke sien ...* Bl. 33: *Toe gee ek in. O God, vergewe my!*
Apostel George berei hom voor op die feit dat hy dalk nie maklik in 'n pos aangestel sal word/nie maklik 'n werk sal kry nie, sodat sy aanpassing buite die tronk vir hom nie 'n te groot skok is nie.	Na Map se vrylating sukkel hy om werk te kry, omdat die werkgewers hom nie wil oorweeg nie as gevolg van sy tronkrekord; /misdaadgeskiedenis; hy is egter nie verras nie, want Apostel George het hom op dié toedrag van sake voorberei.	Bl. 44: *Apostel George, ek wiet jy't my gewarn lat dit so sal wies, maar ... well ... 'is tough luck, Apostel George.*
Apostel George waarsku Map dat sy voorkoms/tatoeëermerke 'n invloed op sy werksituasie sal hê, omdat werkgewers nie daarvan hou nie.	Om Map voor te berei op die uitdagings wat hy buite die tronk sal moet leer hanteer, berei Apostel George vir Map voor op die invloed van sy voorkoms: die tatoeëermerke op sy lyf veroorsaak dat werkgewers kan sien waarvandaan hy kom./dat hy sy geskiedenis op sy lyf saamdra. Hierdie voorberei-ding op die werklikheid help Map om nie kwaad/moedeloos te word nie; hy maak en breek nie. Hy leef sy bekering en nuwe geloof uit.	Bl. 45: *'Cause hulle kan sién waarvandaan jy kom, jou history is op jou arms, op jou lyf, op jou nek, op jou gesig even ... jou history en jou geography, jou ... alles! (lag weer.) Hulle vat ga' vir jou so nie.* Bl. 45: *... maar dan bly ek stil ... banggat wat ek is, dan bly ek stil ... Dan sê ek, nei, ek is sorry, Sir ...*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Hy werk by 'n (polonie-)fabriek./in die straat/township waar hy "soft goods" verkoop. ✓	1
15.2	Hulle wil uit die armoede/werkloosheid/misdaad ontsnap./ Hulle is aan beter gewoond. ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*	1
15.3	Hy beskuldig Blanchie dat sy op 'n ander manier ekstra geld verdien./haar lyf vir ekstra geld verkoop. ✓ **EN** Ja Cyril weet Blanchie werk by Lonely Hearts./Cyril weet wat die werk by Lonely Hearts behels. ✓ **OF** Nee Hy noem dit self "rumours"./Tommy se storie is net op hoorsê gebaseer./ Cyril het die stories by Tommy gehoor.✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
15.4.1	Cavernelis besef dat Cyril die waarheid praat./Cavernelis is geskok/ontsteld oor die waarheid./Cavernelis probeer altyd konflik/konfrontasie vermy. ✓	1
15.4.2	Cavernelis en Cyril hou nie van mekaar nie./het nie respek vir mekaar nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
15.4.3	Blanchie verwyt Cavernelis vir die feit dat al hulle drome in duie stort. ✓ 'n Mens sou verwag dat Blanchie die insig sou hê dat Cavernelis alles vir haar beswil gedoen het, maar as hulle planne nie realiseer nie, blameer Blanchie hom. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.*	1 1
15.5	Cyril suggereer dat daar eintlik nie 'n onderskeid tussen Cavernelis en die res van die gemeenskap is nie./Cavernelis nie op die gemeenskap kan neersien, terwyl hy self so optree/praat nie./ Cyril wil mense doelbewus uitlok./kwaadmaak./seermaak./eintlik vir Cavernelis sê wat die waarheid is. ✓ **EN** Ja Sy optrede toon aan dat hy venynig is. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1 1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.6	Mister Cavernelis wil genoeg geld bymekaarmaak sodat hy sy gesin uit die township kan uitkoop./wil wegtrek met sy gesin. ✓ **EN** Ja Hy offer selfs sy dogter/Blanchie op om sy droom te bereik. **OF** Nee Hy wou net die beste vir sy gesin bewerkstellig./was oortuig dat hy vir hulle 'n beter lewe sou skep indien hy hulle wegvat./ Blanchie en Maud, soos Cavernelis,/Hulle as gesin het saamgewerk om 'n beter toekoms vir hulle te verseker; dit was nie net Cavernelis se droom nie. ✓	1 1
15.7	Hulle vergeet vir 'n oomblik van hulle uitsiglose bestaan deur speletjies te speel./ Aangesien hulle in die straat is, is hulle bevry uit die vasgevangenheid van die klein huisies./ In die straat kan hulle skoor soek met almal; dus ontsnap hulle die afgesonderdheid van hulle huise. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
15.8	Tommy vertel vir Map dat Blanchie 'n aborsie gehad het./'n wit man se kind verwag het./ Tommy versprei die storie dat Blanchie se kêrel vir haar klere gee./alles vir haar koop./ Tommy vertel die storie dat Blanchie (vir modelwerk) oorsee gaan./ Tommy sê Cavernelis-hulle is rasend oor geld./ Tommy versprei die skinderstorie dat Map vrygelaat gaan word./dat Map in die tronk bekeer is. ✓✓✓ *Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
15.9	"bytekant" verwys na Map se vryheid (na sewe jaar in die tronk). ✓ "binnekant" verwys na Map (se sewe jaar) se tronklewe. ✓ **EN** "toughies"/"daarso"/"hel" ✓	1 1 1
15.10	Dit skep die indruk dat Tommy na die regte/versagtende woorde soek./huiwerig is om die misdaad by die naam te noem./ Die beletselteken skep afwagting./dra by tot spanning omdat die leser verwag dat Tommy vir Map gaan uitlok. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*	1
15.11	Die stilte versterk die gedagte dat Map 'n veranderde man is./dat hy hom nie gaan laat uitlok nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.12.1	Blanchie ontvang vergifnis by Map vir die lewe wat sy gelei het terwyl hy in die tronk was./die aborsie./haar werk by die salon./Sy verloor haar pa./Sy en haar ma is (finansieel) baie slegter af./Sy werk nie meer by die salon nie./(As gevolg van Map se vergifnis) kom Blanchie tot die insig dat geen oortreding erger as 'n ander persoon s'n is nie./dat sy haarself moet vergewe.✓ Map word vrygelaat./kry dit reg om Cavernelis/Blanchie te vergewe./kry nie werk nie./lewe soos 'n bekeerde./Sy ma vergewe hom./kan weer praat. ✓	1 1
15.12.2	Blanchie en Map raak versoen. ✓	1
		[25]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

***MIS* – Reza de Wet**

VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
GABRIËL		
Die afwesige Gabriël veroorsaak dat Meisie (en haar ma) haar pa moet versorg, wat onbillike werkseise aan haar stel waarvan sy wil ontsnap.	Die las om Gabriël te versorg veroorsaak dat Meisie bevry wil word, want sy moet daagliks kos vir hom ophys./baie hard werk wat haar na bevryding laat smag.	Bl. 7: *MEISIE staan ietwat onwillig op en bind die mandjie haastig ... vas.* Bl. 19: *Meisie, maak nou soos ek sê!*
	Gabriël se slopemmer wat deur Meisie skoongemaak moet word, laat haar na bevryding van die mislike bestaan (waarin haar pa haar gedompel het) smag.	Bl. 38: *MIEM: Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit.*
Gabriël se afwesigheid lei daartoe dat Meisie (en Miem) finansieel aan hulle eie lot oorgelaat is; gevolglik voer hulle 'n sukkelbestaan wat haar laat smag na bevryding van haar armoede./verlang na haar eertydse bevoorregte bestaan.	Gabriel se afwesigheid veroorsaak dat Meisie na bevryding smag, omdat sy van 'n normale jongmeisielewe ontneem word./ haar ma daagliks met sleurwerk in en om die huis moet help. Sy kom heimlik in opstand teen haar omstandighede./ma./vertel Konstabel van haar begeerte om bloot die sirkus by te woon.	Bl. 6: *MIEM: (sny) Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp ....* Bl. 27: *MEISIE: En elke dag moet ek was en stryk ... En die vensters, elke dag moet ek hulle skoonmaak.* Bl. 27: *MEISIE: Eers was my hande sag. (Strek haar vingers uit) En nou, eelte op al my vingerpunte!*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Gabriël se afwesigheid veroorsaak dat Meisie nie 'n rolmodel/sterk vaderfiguur in haar lewe het nie en dit maak haar ontvanklik vir Konstabel se aandag.	Die afwesige vaderfiguur veroorsaak dat sy geen verhouding met haar pa het nie;/bang vir haar vervreemde pa is;/maklik van haar pa sal wegvlug; gevolglik is Konstabel se aandag/ simpatieke oor/belangstelling vir Meisie, 'n bevrydende ontsnapping van haar omstandighede.	Bl. 5: *MEISIE: Ek is bang ... As ek opkyk, sien ek sy benerige, wit hand.* Bl. 15: *Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees.* Bl. 26: *MEISIE: Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.* *Bl. 26: MEISIE: ... Laas jaar het Danie Venter kom kuier. Een Sondag. Die wind het ...* Bl. 27: *KONSTABEL: Maar kom u dan nie uit nie, Juffrou? Die dorp is tog nie ver nie?* *MEISIE: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.*
	Gabriël se afwesigheid veroorsaak dat sy baie selde aan 'n man se geselskap blootgestel word – Konstabel se aanraking/ woorde/manipulering is vir haar verleidelik./Konstabel se toenadering is gevolglik vir Meisie opwindend.	Bl. 17: *MEISIE: (laggie, herhaal sag) Juffrou ...* Bl. 26: *Werklik, Juffrou? Kry u nie besoekers nie?* Bl. 27: *KONSTABEL: (met innige meegevoel) Ek is jammer, Juffrou.* *MEISIE: (skielike laggie) Dis snaaks ... (Weer 'n laggie) Juffrou.*
Gabriël se afwesigheid veroorsaak dat daar nie manlike beskerming in die huis is nie, wat Meisie se ontsnapping saam met Konstabel soveel makliker maak.	Miem neem die rol van die beskermer in die huis oor wat veroorsaak dat Meisie meer vatbaar is vir Konstabel se invloed/praatjies om bevry te word, want sy het nie 'n goeie verhouding met haar ma nie.	Bl. 8: *MIEM: Toe maar, my kind. Ek sal jou beskerm teen alle gevaar.* Bl. 26: *En ... waarom nie? So 'n aantreklike, jong dame?*
	Sy erken aan Konstabel dat sy na enige jongmensgeselskap/ geselskap smag.	Bl. 26: *MEISIE: ... Laas jaar het Danie Venter kom kuier. Een Sondag. Die wind het reg gewaai ... Toe ... (treurig) draai die wind.*
DIE KONSTABEL		
Konstabel daag op om hulle op 'n nag van onheil te kom "beskerm" wat hom uit die staanspoor as 'n bevryder aanvaarbaar maak.	Konstabel stel Meisie op die nag van onheil/gevaar gerus deur sy teenwoordigheid./wen van meet af aan haar vertroue./Hy skep die indruk dat hy in beheer/hulle veilig is.	Bl. 15: *En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Konstabel se "blindheid" oortuig vir Meisie dat hy onskuldig/veilig is; dis daarom vir haar maklik om hom as 'n geregsdienaar te aanvaar.	Hy gee voor dat hy as blinde 'n betroubare/suksesvolle konstabel is wat vir uiters moeilike situasies gebruik word./kom met 'n wit kierie/dra 'n ronde donkerbrilletjie wat vir Meisie oortuig dat hy blind is.	Bl. 15: *Daar heers 'n doodse stilte terwyl MIEM, MEISIE en GERTIE hom sprakeloos aan kyk.*
	Sy besondere vermoëns as konstabel, ten spyte van sy blindheid, verblind Meisie vir die waarheid.	Bl. 16: *KONSTABEL: (stop voor MEISIE. Snuif soos voorheen) Jong meisie. Ongetroud.*
Konstabel vlei haar./word die vriend wat sy nooit gehad het nie – só wen hy haar vertroue, sodat sy later maklik saam met hom wegloop.	As Konstabel haar "Juffrou" noem, neem hy die eerste stap om haar vertroue as vriend te wen, sodat hy haar kan bevry./Sy voel gevlei wanneer Konstabel haar 'n bepaalde eiewaarde gee (wat sy by haar ma nooit ervaar nie) wat daartoe lei dat sy Konstabel al meer vertrou./haar diepste gevoelens met Konstabel deel.	Bl. 17: *MEISIE: (laggie, herhaal sag) Juffrou ...* Bl. 27: *KONSTABEL: (met innige meegevoel) Ek is jammer, Juffrou.* *MEISIE: (skielike laggie) Dis snaaks ... (Weer 'n laggie) Juffrou.*
Wanneer Konstabel aan Meisie 'n identiteit gee deur haar op haar naam te noem, wen hy haar guns sodat sy sy opdragte in die slot uitvoer./Konstabel manipuleer vir Meisie op 'n slinkse manier deur haar vertroue te wen.	Konstabel gee Meisie eiewaarde as hy haar op haar regte naam noem./Konstabel oortuig Meisie om hom van haar moeilike lewe te vertel./Dit baan die weg na haar begeerte om haar aannemingsrok aan te trek.	Bl. 27: *KONSTABEL: Wel ... ek sou verkies om u op u naam te noem. Mag ek vra wat u naam is?* Bl. 27: *Jy't 'n mooi naam, Margareta.* Bl. 26: *MEISIE: U ... ruik dit seker ook?* *KONSTABEL: Dit pla my nie, Juffrou.*
Aangesien Konstabel vir Meisie verlei om oor haar verbode besoek aan die sirkus te bieg, skep dit die perfekte geleentheid vir Konstabel om haar aan die einde van die drama verder te mislei.	Konstabel stel Meisie op haar gemak sodat sy hom vertrou met haar geheime./Konstabel speel op haar gevoel./laat Meisie glo hy gee werklik vir haar om/laat haar dink dat hy die persoon is wat haar uit haar beklemmende lewe kan bevry./haar uit haar mislike bestaan kan bevry./haar verlange na avontuur/die eksotiese/'n normale lewe buite die huis kan stil.	Bl. 28: *KONSTABEL: ... Ek hou ook van die sirkus.* Bl. 28: *KONSTABEL: (byna verleidelik) Maar jy kan tog vir my sê. Net een keer. Ek is 'n vreemdeling. En blind.* Bl. 28: *KONSTABEL: (fluister) Niemand sal ooit weet nie.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Konstabel beraam 'n plan om Meisie met sy aanraking te manipuleer./Konstabel vra om te "sien" hoe Meisie lyk, sodat sy aanraking haar kan verlei om makliker saam met hom te wil weggaan.	Konstabel streel saggies oor Meisie se gesig as hy voel hoe sy lyk sodat sy gemanipuleer word deur die sensoriese./Hy slaag in sy doel, want sy aanraking is vir haar iets nuuts./opwindends.	Bl. 38: *KONSTABEL: ... Mooi ... mooi.* Bl. 38: *Die KONSTABEL raak saggies aan MEISIE se gesig. Hy vee sag, met die agterkant van sy vingers, oor haar ooglede ... vee met 'n vingerpunt oor haar lippe. Sy hande gly by haar nek af.*
Konstabel mislei Meisie as hy hom voordoen as ware heer sodat hy haar by sy planne kan betrek.	Hy bied aan om Meisie te help om die slopemmer te gaan leegmaak wat Meisie laat glo dat hy opreg is./iemand is wat sy kan vertrou./haar vriend is.	Bl. 38: *KONSTABEL: Laat ek help.*
	Die geleentheid om die slop-emmer uit te gooi/as 'n meisie alleen saam met die "heer" buite te wees, maak dit vir Konstabel en Meisie moontlik om planne vir later te beraam.	Bl. 50: *MEISIE: (kop onder-stebo en skaam) ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.*
Konstabel transformeer in 'n sirkusnar as hy sy uniform se baadjie omdop; Meisie wil juis sirkus toe gaan, wat nou baie moontliker is.	Konstabel mislei Meisie as hy hom voordoen as 'n hofnar/ sirkusnar; onder die konstabel se invloed dans Meisie die opwinding van die sirkus buite die huis tegemoet.	Bl. 49: *Met vinnige, flam-bojante bewegings wat herinner aan dié van 'n towenaar wat 'n indruk-wekkende toertjie uitvoer, draai hy die binnekant van die baadjie buite toe ... Dit is die baadjie van 'n hofnar ...*
	Konstabel se transformasie veroorsaak dat Meisie blind is vir alles wat haar ma haar geleer het./die feit dat sy verkeerd optree.	Bl. 50: *KONSTABEL: Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien.*
Konstabel se sjarmante toneelspel mislei Meisie sodat sy finaal aan sy manipulering toegee.	Konstabel se woorde mislei haar dat sy glo dat hy haar redder uit die mislike omstandighede waarin sy haar bevind, is./Sy besef nie die gevaar waarin sy verkeer nie./Sy dartel uit eie keuse by die deur uit.	Bl. 50: *KONSTABEL: Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi.*
	Konstabel maak die venster/ deur oop sodat Meisie die musiek móét hoor en die vryheid waarheen sy dink dit haar nooi, tegemoet dans.	Bl. 51: *KONSTABEL: ... (Maak die venster oop)* Bl. 51: *Die KONSTABEL maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	Konstabel dwing Meisie nie, maar hanteer haar saggies./ oortuig haar om self 'n keuse te maak./op te tree.	Bl. 51: *Die KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy verstar. Hy draai haar stadig na hom. Sy laat haar arms sak. Die KONSTABEL neem haar gesig tussen sy hande en kyk na haar.*	
	Konstabel bied aan Meisie die gewaande geleentheid om uit haar haglike omstandighede weg te vlug wanneer sy soos 'n vlinder by die deur uitdans.	Bl. 51: *Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger. Sy lag en dans om en om die tafel ... Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*	
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.			**[25]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

17.1	Hy lyk soos 'n konstabel (wanneer sy en Gertie deur die sleutelgat loer)./het 'n polisie-uniform aan./Hy oortuig Miem/die vroue met sy voorkoms/woorde/optrede dat hy hulle gaan beskerm./ Die feit dat Wagter nie vir Konstabel geblaf het nie, laat Miem veilig voel./Konstabel vertrou. ✓	1
17.2	Dit dui op die konstabel se huiwering om die regte woorde te vind/om die dames se vertroue te wen./ Die konstabel skep afwagting by die vroue oor wat die rede vir sy koms is./ Dit skep spanning by die leser oor sy motief. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
17.3	Dit is dié aand van 31 Augustus (waarop meisies verdwyn)./Dit versterk die atmosfeer van onheil./ Sannie Koen en Rienie Pieterse het die vorige twee jaar op hierdie datum verdwyn./ Die sirkus is weer op die dorp./was die vorige kere tydens die verdwynings ook op die dorp./ Meisie is jonk genoeg om 'n moontlike teiken te wees./ Miem beskou dit as haar plig om Konstabel volledig oor die feite in te lig. ✓✓✓ *Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
17.4	Hy is 'n leuenaar./manipulerend./slu./geheimsinnig./misleidend./arrogant. ✓ Hy het nie geweet dat Gertie die aand daar is nie. ✓ Hy het nie geweet van Gabriël se teenwoordigheid op die solder nie./ Hy maak asof hy nie kennis dra van wie die vroue is./hoe die vroue lyk nie./wat hulle omstandighede is nie./wat die ware feite oor die vorige twee meisies se verdwynings is nie. ✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir een punt elk aan.*	1 2
17.5.1	Meisie is bang (vir haar ma)./gewoond daaraan dat sy in die moeilikheid is./ senuweeagtig/gespanne oor die moontlike gevaar/onheil van die aand./ Meisie is besig om haarself in te leef in die gesprek oor die verdwynings./het nie verwag haar ma sou haar op daardie stadium aanspreek nie. ✓	1
17.5.2	Hulle verhouding is nie goed nie. ✓	1
17.5.3	Miem se oorheersende houding dra daartoe by dat Meisie besluit om saam met Konstabel te gaan. ✓	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

17.6	'n Mens sou verwag dat Miem op hierdie nag van onheil Meisie sal beskerm, maar hier stuur sy haar alleen buitentoe./Indien Miem Meisie wil beskerm, is die verwagting dat Miem vir Meisie binne sal hou, maar sy stuur haar uit./ Miem skep met hierdie woorde die idee dat sy Meisie veilig wil hou, maar sy het reeds vroeër die aand die gevaar in die gedaante van Konstabel in die huis ingelaat het. ✓ *Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie aandui.* **EN** Nee Konstabel wil haar manipuleer./wil haar guns wen. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	1 1
17.7	Konstabel sê sy moet nadat Miem gaan slaap het, na hom toe kom. ✓ Meisie moet haar wit (aannemings-)rok aantrek. ✓ Meisie moet kaalvoet wees. ✓ *Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir een punt elk aan*	3
17.8	Sy het 'n oog op Konstabel./is jaloers op Meisie./wil nie hê Konstabel moet in Meisie belangstel nie. ✓	1
17.9	Miem se vryheid word beperk as gevolg van Gabriël se afwesigheid/deur haar gesondheid./haar armoede. ✓ Gertie se vryheid word beperk deur die konserwatiewe lewensuitkyk van haar gemeenskap./Miem se voorskriftelikhheid./die feit dat sy 'n oujongnooi is./deur haar ouderdom. ✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
17.10	Die beskrywing van haar voorkoms versterk die gedagte dat sy onder Konstabel se invloed is./Konstabel haar bekoor. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
17.11	Meisie assosieer sirkusmusiek met bevryding/lewe/die eksotiese/avontuurlike wat sy nie in haar eie huis kan ervaar nie./ Die sirkusmusiek skep 'n kontras met haar armoedige bestaan. ✓ **EN** Ja Sy haal na 'n ruk haar hande van haar ore af./bied nie meer weerstand teen die musiek nie./ Meisie verlaat die huis in die afloop op maat van die musiek./ Die musiek dra by tot haar besluit om voor Konstabel uit te dans. ~~te volg~~. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1 1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

17.12.1	TEKS K verwys na dieremis (wat verpak word ter wille van vir 'n inkomste).✓ TEKS L verwys na ontlasting (van die pa/Gabriël in die slopemmer).✓	1 1
17.12.2	Ja Miem hou vir Meisie jonk en onskuldig, daarom mis sy 'n jongmenslewe./ niemand kom daar kuier nie./sy mis mansgeselskap./sy mis die opwinding van die sirkus./ Miem kyk verkeerd na Meisie se ontevredenheid./mis die betekenis van Meisie se optrede./sien nie raak dat Meisie ander behoeftes het nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	**5–6**	**4**	**3**	**2**	**0–1**
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks **6 PUNTE**	-Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en gedig	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en gedig duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp. -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en gedig	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp -Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie -Onvoldoende begrip van genre en gedig	-Geen begrip van die onderwerp nie -Geen verwysing na die gedig nie -Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR EN TAAL	**4**	**3**	**2**	**1**	**0–1**
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel **4 PUNTE**	-Samehangende struktuur -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek -Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry	-Duidelike struktuur en logiese vloei van argument -Vloei van argumente kan gevolg word -Taalgebruik is grootliks korrek -Toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel -Geringe taalfoute -Toon en styl meestal gepas	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie	-Struktuur swak -Ernstige taalfoute -Foutiewe styl

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	**12–15**	**9–11**	**6–8**	**4–5**	**0–3**
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks **15 PUNTE**	-Diepgaande interpretasie van onderwerp -Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13 -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en teks	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en teks duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en teks	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie -Min punte wat die onderwerp ondersteun -Baie min relevante argumente -Weinig begrip van genre en teks	-Geen begrip van die onderwerp nie -Swak poging om die vraag te beantwoord -Argumente oortuig nie -Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR EN TAAL	**8–10**	**6–7**	**4–5**	**2–3**	**0–1**
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel **10 PUNTE**	-Samehangende struktuur -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Uitstekende inleiding en slot -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	-Duidelike struktuur -Logiese vloei van argument -Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -Logika en samehang is duidelik, maar met foute -Paragrafering meestal korrek -Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Paragrafering foutief -Taalfoute beduidend Toon en styl nie geskik nie	-Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente -Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk -Paragrafering foutief -Styl en toon nie geskik nie
VERSPREIDING VAN PUNTE	**20–25**	**15–19**	**10–14**	**5–9**	**0–4**

Kopiereg voorbehou